
Julie - Augustus 2012

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 11, No. 4 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2011 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Waar en hoe moet u tot God bid?

Ons plaaslike koerant, die *Charlotte Observer*, het onlangs 'n artikel gepubliseer wat "deurry"-gebede beskryf (6 Mei 2011). Die predikante en kerkleiers wat betrokke was, het gesê dat hulle "kitskos-restaurante en deurry-banke nageboots het".

*Interessant.*

In ons vinnig-bewegende, self-gesentreerde, genotsugtige samelewing, voel baie mense dat hulle net vir God 'n paar minute van hulle "besige" dag kan "afstaan". *Hoe bedagsaam!* Ek is seker dat die Groot Skepper van die hemel en aarde beïndruk is. Maar *hoe* beïndruk dit Hom?

In 'n begeerte om uit te reik na die groot, sekulêre gemeenskap rondom hulle, het baie "nuwerwetse" kerke allerhande tipe idees of foefies van die korporatiewe wêreld, die vermaaklikheidsbedryf en ander bronne ingelyf in hulle bediening. *Somtyds* veroorsaak hierdie pogings wel dat meer mense – meer siele – hul dienste bywoon. *Behaag* dit God egter *werklik*? Leer hierdie mense werklik om die ware God te "ken" en te *aanbid* en om Hom te dien? Wat leer hulle deur hierdie soort "kitskos"-godsdiens?

Dit is lewensbelangrik dat u die ware God ken. U sal **nie** die ware God ken as u Hom nie aanbid **–** en tot Hom bid **–** op die wyse wat Hy ons geleer het om dit te doen nie.

Die geïnspireerde woord van God is *baie duidelik* met betrekking tot hierdie sake. Jesus Christus het aan 'n Samaritaanse vrou gesê – 'n vrou van 'n "ander" godsdiens: "Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:22-24).

Terwyl Jesus van die Bybel gepraat het, sê Hy: "... u woord is die Waarheid" (Johannes 17:17). Die "sleutel" tot al hierdie vrae van hoe en waar om te bid, is *in* die duidelike leerstellings en voorbeelde van *die Bybel te vinde*. Byvoorbeeld, Jesus verduidelik: "Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde" (Mattheüs 6:6). Hoewel dit nie verkeerd is om saam met ander mense te bid nie – of om 'n "kits"-gebed te uiter in 'n noodgeval nie – word dit beslis nie aanbeveel as die normale, primêre manier van bid vir 'n ware Christen wat God opreg **eerste** in sy of haar lewe wil stel nie.

Onthou ook dat die bekende "Onse Vader" – Jesus se "model-gebed" in Mattheüs 6 – net 'n kort raamwerk, of *voorbeeld* van die korrekte

benadering tot God en van die belangrikste dinge om oor te bid, is. Toe Jesus Self spesiale hulp of verlossing nodig gehad het, het Hy "met oorgawe gebid". Jesus het die *hele nag* gebid voordat Hy die twaalf Apostels gekies het (Lukas 6:12-13). Hy het ook *die grootste deel van die nag* gebid voordat Hy op die water geloop het (Markus 6:46-48). Net voordat Hy die smartlike lyding van die kruisiging moes verduur, het Jesus so vurig gebid dat Sy bloedvate blykbaar gebars en saam met Sy sweetkliere verenig het, soos Hy angstig en innig voor God gebid het (Lukas 22:44).

Die apostel Jakobus is geïnspireer om aan ons te sê: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag" (Jakobus 5:16). En Jesus sê: "Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?" (Lukas 18:7).

Op hierdie stadium mag sommige mense wonder waarom mense in **nie**-Christelike godsdienste **uitroep** en soms vir ure lank oor en oor bid – nogtans word hul gebede *steeds nie beantwoord nie*. Hoekom nie? Weereens is die Bybel baie duidelik hieroor. Die apostel Johannes was geïnspireer om aan ons te sê: "... en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, *omdat ons* **sy gebooie bewaar** *en* **doen** *wat welgevallig is voor Hom" (1 Johannes* 3:22).

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Waar en hoe moet u tot God bid?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Hervestig Oorspronklike Christelikeheid** 3
Vir die meeste mense wat hulself "Christene" noem, is die bywoning van 'n erediens op die meeste Sondae, die een enkele daad wat hul godsdienstige toewyding beskryf.

**Die skuldbom** 8
Is die wêreld se finansiële toestand besig om die vorm van 'n "kernbom" aan te neem?

**Van Britte na BRICS** 13
Baie lande het aan hul mense identifiserende name gegee.

**Gehoorsaamheid versus Genade** 16
Kan ons redding "verdien" deur gehoorsaamheid aan God?

**Herstel vinnig!** 20
U kan die lewe se terugslae verander na 'n springbord vir geestelike sukses!

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Hervestig Oorspronklike Christelikheid

## Deur Roderick C. Meredith

*Vir die meeste mense wat hulself "Christene" noem, is die bywoning van 'n erediens op die meeste Sondae, die een enkele daad wat hul godsdienstige toewyding beskryf. Ware Christenskap is egter 'n veranderende manier van lewe wat baie min mense vandag verstaan!*

Die ware Jesus Christus van die Bybel sal binnekort terugkeer na die planeet Aarde – hierdie keer as Koning van die konings (Openbaring 11:15). Watter soort "Christelikheid" sal die terugkerende Christus uitken as **Sy** ware boodskap? Dink u vir een oomblik dat Jesus Christus die sowat 400 of 600 verskillende denominasies en sektes wat almal Sy naam gebruik en hulself "Christene" noem, sal erken en goedkeur?

*Dink weer!*

*Indien* u werklik die Bybel glo, sal u gou besef dat die *oorgrote meerderheid* van die mensdom mislei is. U mag onthou dat die geliefde apostel Johannes geïnspireer was om te skryf: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en *Satan*, *wat die* hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9). U mag moontlik nie ingestel wees op wat die apostel Johannes geskryf het aangaande 'n toekomstige geveg tussen *honderde miljoene* mense wat beïnvloed is deur die toekomstige "Diermoondheid", wat so mislei sal wees dat hulle letterlik teen **Jesus Christus** sal veg met Sy wederkoms nie! Hoe *mislei* kan mense nie wees nie!

God se Woord openbaar dat die wederkoms van Christus "die tye van die wederoprigting van **alle** dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete" sal kenmerk (Handelinge 3:19-21). Die "wederoprigting van **alle dinge**" sal honderde en *duisende* veranderings in die manier waarop mense leef en **die wyse** waarop hulle die Skepper aanbid behels! Byvoorbeeld, die meeste van u, het **nooit**, terwyl u grootgeword het, gehoor van die godsdienstige feeste wat in u Bybel beveel word nie. U en ek het geleer van Kersfees en Paasfees, van Kersvader en die Paashaas. Nogtans onthul u eie Bybel duidelik dat die *hele wêreld* binnekort die jaarlikse **Huttefees** elke September-Oktober sal onderhou as 'n *lewensbelangrike* deel van die aanbidding van die Skepper.

"*Die fees van wat*?" Dit sal die eerste reaksie van *miljoene mense* wees! Tog openbaar u geïnspireerde Bybel: "En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, *en om die* huttefees te vier" (Sagaria 14:16). Dan gaan die profeet Sagaria voort: "En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie" (verse 17-19).

Dus, die werklike God – die God van die Bybel – sal nie met Hom laat mors en toelaat dat kweekskool gegradueerdes met Hom argumenteer en Hom probeer wysmaak dat al Sy Wette "verouderd" of mee "weggedoen" is nie! Inteendeel, Hy sal tot strafaksie oorgaan om te *wys wie God is*!

Kan *u* in u gemoed die **feit** erken dat hierdie huidige wêreld en sy godsdienste inderdaad "mislei" is – net soos dosyne gedeeltes in u Bybel so duidelik aantoon? Kan u ten volle besef dat die *oorgrote meerderheid* van vandag se "Christendom" onbybels en net *eenvoudig* **verkeerd** is?

Soos die beroemde filosoof en teoloog, Soren Kirkegaard

opmerk: "Die Christelikheid van die Nuwe Testament bestaan eenvoudig nie ... wat gedoen moet word, is om lig te werp op 'n kriminele oortreding teen Christelikheid wat volgehou is deur die eeue, gepleeg deur miljoene (in 'n meerdere of mindere mate skuldig). Hulle het hierdeur slinks, onder die dekmantel om Christelikheid te vervolmaak, daarna gesoek om God bietjie-vir-bietjie uit Christelikheid te verneuk en het daarin geslaag om Christelikheid presies die teenoorgestelde te maak van wat dit in die Nuwe Testament is" (*Attack Upon Christendom*, bll. 32-33).

Professor Rufus M. Jones beskryf ook hoe die "hoofstroom Christendom" die leerstellings van Jesus Christus verwerp het: "Indien Christus Self deur Sy latere volgelinge as die model en voorbeeld van die nuwe weg geneem is en 'n ernstige poging aangewend was om Sy lewe en leerstellings as norm en standaard vir die Kerk te neem, sou Christelikheid iets *baie anders* gewees het as waarin dit ontwikkel het. Dan sou 'dwaalleer' wees wat dit nou nie is nie, dit sou 'n afwyking wees van Sy weg, Sy leerstellings, Sy gees, Sy Koninkryk … Wat ons na regte 'Galilese Christelikheid' mag noem, het 'n kort lewensduur gehad, alhoewel daar merkbare pogings was om dit te laat herleef, en hier en daar het geestelike profete daarop aangedring dat enigiets anders as hierdie eenvoudige Galilese godsdiens 'dwaalleer' is; maar die hoofsaaklike historiese ontwikkeling het 'n ander koers ingeslaan en het die klem heeltemal anders laat val (*The Church's Debt to Heretics*, bll. 15-16)".

Alhoewel hulle nie daarvan hou om dit aan hulle gemeentes en medegelowiges te beken nie, erken *baie* gerespekteerde teoloë en historici duidelik die bogenoemde **feite**. **Hierdie feite is 'n belangrike tema** van hierdie einste Werk wat die *Wêreld van Môre*-tydskrif publiseer en die *Tomorrow's World* TV-program borg – "die hervestiging van ***oorspronklike Christelikheid*"** beklemtoon!

## Hervestig oorspronklike Christelikheid

Terwyl u die bogenoemde feite in gedagte hou, verstaan die meeste van u gereelde lesers van die *Wêreld van Môre*-tydskrif – sowel as kykers van die *Tomorrow's World* TV-uitsendings – waarom ons klem lê op die tema: "Die hervestiging van oorspronklike Christelikheid". In teenstelling met wat sommige misleide teoloë verkondig, het die apostel Paulus **nie** nuwe leerstellings ingestel wat die voorskrifte van Jesus Christus en die oorspronklike Twaalf Apostels ter syde stel nie. Dit is waarom ons soms in ons uitsendings of publikasies praat van die hervestiging van die Christenskap van die Apostels **–** die ware Christelike geloof wat deur die Apostels verkondig en beoefen was.

Dus, is ons bereid dat die *Bybel* ons vertel wat oorspronklike Christelikheid alles behels? Gaan ons die ou swartgeklede priesters van die Middeleeue met hul verbeeldingsvlugte volg, of gaan ons die voorbeeld en leerstellings van Jesus Christus volg? Besef ons waarlik dat *Jesus Christus* die Een is wat die Christendom begin het? Dus behoort **Hy** te weet wat Christelikheid behels!

Wanneer u dit verstaan, is Satan, die duiwel, 'n slim "vervalser". 'n Vervalste honderd-Rand noot lyk *baie* na die oorspronklike – maar dit is **niks** werd nie! Groot dele van vervalste Christelikheid lyk ietwat eenders. Nogtans **–** wanneer u dit verstaan **–** is die *hele uitgangspunt* van "hoofstroom Christelikheid" dat ons moet navolg wat deur die Middeleeue heen aan ons oorgedra is deur verwarde mense, tesame met **slegs enkele** leerstelling en gebruike wat aangebring is deur Martin Luther en die Hervormers. Dit is waar dat die Hervorming veroorsaak het dat baie valse leerstellings van pouslike oppergesag en die aanbidding van Maria afgeskaf is. Ander idees betreffende "hemel toe gaan" met **geen werklike doel voor oë nie**, en die teorie dat geloof in Christus teenstrydig is met gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie as *'n lewenswyse* – het alles *dieselfde* gebly. Misleide "Protestantse" hervormers het **nie** toegegee dat hulle die hele pad terug sou

moes gaan na die **Bybel** om te sien wat "oorspronklike Christelikheid" eintlik is nie!

Wanneer u werklik die Bybel *bestudeer* – veral die boek Handelinge – sien u dat die vroegste Christene *almal besnede Jode* was. Hulle het *verstaan* en **geglo** in God se geestelike Wet, die Tien Gebooie, en 'n *hele lewenswyse* wat gebaseer is op die *geestelike* beginsels van die Ou Testament – hoewel hulle besef het dat die *rituele wette* nie meer bindend was nie. Hulle het **nie** Christelikheid beskou as 'n "nuwe uitvindsel" nie. Hulle het geweet dat Jesus se leerstellings eenvoudig 'n *uitbreiding* is van die geestelike wette en die *lewensweg* wat geopenbaar word regdeur die Ou Testament (Jesaja 42:21). Die apostel Paulus skryf aan Timótheüs dat hy "van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" (2 Timótheüs 3:15). Paulus het erken dat die Ou Testament **geïnspireerd** is aangesien die **enigste** Skrifte wat aan Timotheus van kleins af beskikbaar was, dié is wat ons vandag die "Ou Testament" noem. Jesus het *voortdurend* uit die Ou Testament aangehaal as die *geïnspireerde Woord van God*. Jesus leer ons: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke woord** van God" (Lukas 4:4).

Tog huldig die meeste van vandag se "hoofstroom Christene" die idee – direk of indirek – dat die belangrikste ding is om net te "glo in Jesus" en sentimenteel te wees oor Sy *Persoon*. Hulle word **nie** geleer om 'n diepe *eerbied* en **ontsag** te hê vir God **–** die "vrees van die Here" en die begrip dat ons beveel word om te **leef** volgens *elke woord van God in die Bybel nie*. Dus onderhou vandag se Christene baie van die antieke *heidense* vakansiedae en – as gevolg van hul verwarring – *weier* hulle om die Heilige Dae wat direk in die Bybel beveel word, *te onderhou,* soos ons vroeër in Sagaria 14 gesien het!

Jesus het gewaarsku: "**Waarom** oortree julle ook die gebod van God *ter wille van julle* **oorlewering**?" (Mattheüs 15:3). Markus se evangelie gee ons Jesus se stelling: "Maar **tevergeefs** vereer hulle **My** deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Markus 7:7). Jesus sê hier duidelik dat 'n mens **Hom** werklik kan *aanbid*, en dat die aanbidding tog eintlik "**vergeefs**" kan wees! My vriende, *ware* Christelikheid behoort **nie** gebaseer te wees op die "tradisies" van mense nie, maar op die Wette en die voorbeelde wat in die Bybel gegee word! Dit is absoluut **lewensbelangrik** dat ons kyk na die Bybel vir **God se definisie** van wat ware Christenskap werklik is!

Satan, die duiwel, het subtiel maar seker die meeste van vandag se belydende Christene mislei om te glo dat Christelikheid *afgesny* is van die Ou Testament. Daar is honderde miljoene mense wat in die naam van "Christelikheid" verwerp wat Jesus Christus – die God van die Ou Testament (1 Korinthiërs 10:1-4) – deur Moses, Sy dienskneg, aan die Israeliete gegee het.

Die Bybelse en historiese feite wys duidelik dat *ware* Christelikheid 'n voortsetting is – 'n uitbreiding en "vergroting" van die leer wat God deur Moses gegee het – en **nie** iets splinternuut nie! Soos God die apostel Paulus geïnspireer het om aan die heiden Christene in Efese te verduidelik: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die **fondament** van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is" (Efesiërs 2:19-20). Soos ons dan sien, is 'n basiese deel van die ware "fondament" van Christelikheid die geskrifte en leerstellings van die Ou-Testamentiese profete **–** waarna Christus en die Apostels herhaaldelik verwys het as "Skrif"!

*Onthou*, Jesus Christus was 'n besnede *Jood* (Lukas 2:21-22; Hebreërs 7:14). Dit was Sy "gewoonte" om die sewendedag Sabbat te onderhou – net soos die ander Jode saam met Hom (Lukas 4:16). In plaas van om God se Sabbat af te skaf, het Jesus gesê dat die Sabbat vir die "mens" gemaak is – **nie** net vir Jode nie, en dat *Hy* "Here" van die Sabbat is. Die Sabbat is dus, in werklikheid, die werklike "Here se Dag" so ver dit 'n rusdag en dag van aanbidding aanbetref!

Lank ná Christus se dood en

opstanding, was dit steeds die apostel Paulus se "gewoonte" om die sewende-dag Sabbat te onderhou (Handelinge 18:4). Ons vind ook dat Paulus die jaarlikse Bybelse feeste onderhou het – dae soos Pinkster (1 Korinthiërs 16:8), Pasga en Ongesuurde Brode (1 Korinthiërs 5:7-8). Ongelukkig, saam met die verwerping van die Bybelse feeste wat deur God in die Ou Testament beveel is, het "hoofstroom Christelikheid" in baie opsigte 'n duidelike **anti-**Joodse vooroordeel ontwikkel, wat tot *vandag toe voortduur*!

Tog maak die Bybelse Heilige Dae nog saak vir God! Die ware Kerk van God – **twaalf keer** in die Nuwe Testament die "Kerk van God" *genoem* – het selfs op Pinksterdag, een van die sewe jaarlikse Sabbatte wat God Sy mense gegee het, begin. By Sy wederkoms sal Christus terugkeer met die blaas van die "sewende basuin" (Openbaring 11:15) – uitgebeeld deur die Fees van Basuine, nog een van die Bybelse Heilige Dae. Dieselfde Jesus Christus wat die hele Bybel geïnspireer het, het Sy dienskneg Sagaria geïnspireer om te verduidelik dat, na Christus se wederkoms, die **hele wêreld** die Huttefees sal onderhou (Sagaria 14). Kyk ook na hierdie beskrywing van hoe geleef sal word gedurende die toekomstige duisendjarige Vrederyk van Jesus Christus: "En elke maand op die nuwemaan en elke week op die **sabbat** sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE" (Jesaja 66:23).

Dus, ware Christene wat die weeklikse en jaarlikse Sabbatte en feeste onderhou volg nie slegs die "voorbeeld" van die oorspronklike Christelikheid nie; ons doen "baanbrekerswerk" vir die **lewensweg** wat **al** die nasies binnekort in die *Wêreld van Môre* sal leer! Deur middel van hierdie ware Werk is ons besig om **oorspronklike Christelikheid te hervestig**. Dit is 'n belangrike *rede* vir hierdie Werk van die lewende God aan die einde van hierdie tydperk. Almal wat reageer op Sy leerstellings sal beslis 'n "kortkop voor" wees in hul voorbereiding om daardie konings en priesters te wees wat Christus nou oplei om Hom by te staan om oor die hele wêreld te **heers** in die toekomstige Koninkryk van God.

Die meeste mense in die wêreld gaan net kerk toe om saam met hulle bure te wees, 'n "lekker gevoel" te hê dat hulle "nog reg is" en dat hulle werklik iets leer wat die moeite werd is. *Baie min* van die meer as twee miljard mense wat hulself "Christene" noem, verstaan die begrip dat hulle **nou** "in opleiding" is om Christus by te staan in Sy toekomstige Regering om ware *vrede* en *vreugde* te bring in die Wêreld van Môre.

**Bewys die Waarheid uit die BYBEL!**

Soos opname na opname bevind het, bestudeer en verstaan *slegs 'n baie klein groepie* belydende Christene die Bybel werklik. Die meeste belydende Christene kan nie eens die name van die vier Evangelies opnoem nie, laat staan nog verstaan wat dit sê, of wat in die res van die Bybel staan, of wat '*n kwart* van die hele Bybel wat aan profesie gewy is, te sê het. Dus verstaan hulle **nie** die tye waarin ons leef, of dat hierdie wêreld nou besig is om rondom ons in duie te stort en dat dit sal voortgaan om in duie te stort as gevolg van ons verkeerde lewenswyse nie, totdat Christus terugkeer en werklik dinge weer regruk *deur Sy regverdige Regering*!

Onthou, die Apostel Paulus het aan die Christene in Korinthe gesê: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (1 Korinthiërs 6:2-3).

Die meeste van u sal besef dat die *hele benadering* van hierdie geïnspireerde woorde van Paulus **baie anders** is as die idee van Christelikheid wat in die meeste van vandag se kerke voorgehou word! Dit is oorweldigend dat die meeste mense **nie** geleer word dat dit die uiteindelike doel van 'n Christen is om voor te berei om 'n koning of priester te word om Christus by te staan om oor die wêreld te regeer in Sy toekomstige Koninkryk, nie. Die meeste mense in die "hoofstroom" kerke word eerder geleer dat hulle eenvoudig sal "opsweef na die hemel" met

wesenlik **niks** om daar te doen nie! Hulle het derhalwe **nie** 'n werklike rede om die Skepper te **gehoorsaam**, om 'n oorwinnaar te wees en om in Christus se toekomstige Koninkryk te wees nie. Hierdie oppervlakkige benadering **–** die algehele "voorkoms" van die hoofstroom-Christendom **–** is *baie anders* as dit wat die Bybel duidelik aandui! Jesus sê: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27).

Die apostel Johannes skryf ook oor die geïnspireerde "lied" van die heiliges: "Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, *en het ons* **konings** *en* **priesters** vir onse God *gemaak*, en ons sal as konings *op die aarde* **heers**" (Openbaring 5:9-10).

In God se groot Meester-plan, het die Skepper "ons **konings** en **priesters** vir onse God gemaak, en ons sal as konings *op die aarde* **heers**". Ons heerskappy sal nie in die hemel wees nie. Dit sal *op hierdie fisiese aarde* wees, waar Jesus Christus binnekort as Koning van die konings sal regeer.

In daardie toekomstige Koninkryk sal die ware Christus van die Bybel 'n regverdige regering administreer wat die hele *lewensweg*, gegrond op die wette van God, sal leer. Die Tien Gebooie sal die grondslag van die Wette daarvan wees (Jesaja 2:1-4). God se Sabbatte en Heilige Dae sal oor die hele aarde onderhou word en sodoende God se Plan uitbeeld om die mense saam te bring op 'n manier wat die Skepper sal vereer.

Mense sal geleer word om die Tien Gebooie werklik te **gehoorsaam –** insluitende dat hulle werklik te **bang** sal wees om 'n ander mens dood te maak, selfs in oorlog. Hulle sal geleer word dat egbreuk nie net bloot 'n fisiese daad is nie, maar dat selfs die **begeerte** na 'n ander se gade, in werklikheid egbreuk is (Mattheüs 5:27-28). Mans en vrouens sal geleer word om te gee, te help, te deel en om mekaar te **dien** in die vrees van God. Daar sal *vrede* en **vreugde** wees ver bo enigiets wat die wêreld nog ooit ervaar het!

In die beskrywing van die toekomstige Koninkryk, die wêreld-regerende heerskappy van Jesus Christus, het God hierdie woorde *geïnspireer*, "o God, gee aan die koning u regte en u geregtigheid aan die seun van die koning. Laat hy u volk oordeel met geregtigheid en u ellendiges met reg. Die berge sal vrede dra vir die volk, en die heuwels, deur geregtigheid. Hy sal aan die ellendiges van die volk reg verskaf, die kinders van die behoeftige verlos, en die verdrukker verbrysel" (Psalm 72:1-4).

In God se toekomstige Koninkryk sal daar **regverdige** oordeel wees vir elke mens, en die "armes" sal geregtigheid ontvang. Let op: "In sy dae sal die regverdige bloei en volheid van vrede, totdat die maan nie meer is nie" (vers 7). Dit is moeilik om mens die ongelooflike gevoel van ware *vrede* en **vreugde** in te dink wat die hele wêreld sal oordek wanneer *ware Christenskap* elkeen se *lewensweg* is! Mag God ons almal help om gewillig te wees selfs om nou al daarheen terug te keer – na die *ware* Christelikheid van die oorspronklike Christene en van Jesus Christus Self.

Soos Jesus se fisiese broer, die apostel Judas, geïnspireer was om te skryf: "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (Judas 3-4).

Waarlik, ons moet "stry" **–** gewillig wees om te **baklei –** om terug te keer na die *ware geloof* "wat *eenmaal* aan die heiliges oorgelewer is" – selfs al het

***Vervolg op bladsy 26***

# Die skuldbom

## Deur Dexter B. Wakefield

*Die Verenigde State van Amerika is besig om 'n gevaar, meer verwoestend as die kragtigste kernwapen, tegemoet te gaan. Indien die "skuldbom" ontplof, sal dit die ekonomie verwoes – nie net van die V.S.A. nie, maar van die hele wêreld. Is u voorbereid vir wat gaan kom? Is die wêreld se finansiële toestand besig om die vorm van 'n "kernbom" aan te neem?*

Die kalmte van die New Mexico-woestyn het op 16 Julie 1945 aan skerwe gespat toe Amerika die eerste atoombom, kodenaam "Trinity", laat ontplof het. Hierdie atoombom het die ekwivalent van 18 kiloton TNT (ongeveer 36 miljoen pond) vrygestel en die kerntydperk begin. Sewe jaar later, op 1 November 1952, het tegnici by die Amerikaanse Stille Oseaan Toetsgronde die eerste waterstofbom – "Ivy Mike" – laat ontplof. Die massiewe versmeltingreaksie het 'n ontploffing veroorsaak, na skatting gelykstaande aan tot 12 megaton TNT – tot soveel as 240 *miljard* pond – ongeveer 600 keer groter as die eerste smeltbom. Net die vuurbal alleen was 3.25 myl wyd. Inderdaad kernterreur!

Byna 60 jaar later, het die VSA nog 'n skrikwekkende tipe "bom" vervaardig, wat op sy eie manier net so plofbaar mag wees as hierdie vroeëre instrumente van verwoesting. Ons kan dit die "Skuldbom" noem – en die lont is reeds aangesteek, die horlosie tik.

### Ontploffende tekorte

Volgens die Kongres se Begrotingskantoor ("CBO"), was die Amerikaanse fiskale tekort in 2009 – die verskil tussen die regering se inkomstes en uitgawes – *$1.416 biljoen*, of 10,0% van die Bruto Binnelandse Produk (BBP). In 2010 was die tekort *$1.294 biljoen* – of 8,9% van die BBP. Hierdie tekorte, as 'n persentasie van die BBP, is die land se hoogste sedert die Tweede Wêreldoorlog.

Erger nog, die fiskale tekort vir 2011 styg selfs nog hoër! Soos die *CBO Monthly Budget Review* berig: "Die Kongres se Begrotingskantoor beraam dat die federale regering 'n begrotingstekort van $830 miljard opgeloop het in die eerste ses maande van die fiskale jaar 2011 – $113 miljard meer as die tekort wat aangeteken is gedurende dieselfde tydperk die vorige jaar" (7 April 2011). Beramings dui daarop dat die totale federale begrotingstekort vir 2011 $1.6 biljoen sal bereik! Saam met hierdie ontnugterende nuus, het die Internasionale Monetêre Fonds geprojekteer dat die totale Amerikaanse skuld *die land se jaarlikse produksie van goedere en dienste* een of ander tyd in 2012 sal *verbysteek*!

Herbert Stein, 'n bekende ekonoom, wat voorsitter was van die Raad van Ekonomiese Adviseurs onder Amerikaanse Presidente Nixon en Ford, het die vanselfsprekende vermeld met wat hy "Herbert Stein se wet" noem. Eenvoudig gestel, het hy gesê: "Indien iets nie vir ewig kan aangaan nie, sal dit ophou". Daardeur bedoel hy dat uiterste toestande wat nie volhoubaar is nie, hul eie ondergang sal bewerkstellig. 'n Goeie voorbeeld hiervan sou wees die fiskale probleme wat die nasie van Griekeland in die gesig staar, wat groot tekorte opgehoop het toe daar maklike toegang tot geld was. Toe die skuldeisers begin het om hoër rentebetalings op lenings te eis, was die nasie gedwing om te poog om streng besparingsmaatreëls in te stel in 'n poging om wanbetaling van sy skuld te probeer verhoed. Dit het die Griekse ekonomie onder druk geplaas en gelei tot opstande en sosiale onrus – selfs tot sterftes. Om te kon byhou, moes die nasie betekenisvolle beheer oor sy fiskale beleid aan die Europese Unie prysgee in ruil vir 'n tydelike borgskap.

### Dissiplineerder van die verbandmark

In Mei 2011, ten spyte van besparingsmaatreëls en EU-beheer, was die "krediet-gradering" van Griekeland se skuld afgegradeer na "B" – wat baie na is aan 'n "rommel"-verbandgradering – wat maak dat Griekse lenings vir versigtige

beleggers meer ongewens is as ooit. Dit het Griekeland se koste om geld te leen nog verder opgestoot – wat nou 15% oorskrei vir tweejaar effekte – terwyl versigtige krediteure voortgaan om ontslae te raak van Griekse soewereine skuld. “Wees versigtig vir Griekeland se verbande” het 'n internasionale grap geword.

Ander EU-lande se graderings is ook afwaarts aangepas. Kan iets soortgelyks op die horison wees vir die V.S.A. en Groot-Brittanje, wat lank reeds trots is op hul AAA-graderings? Die eerste teken dat die verbandmark 'n verkwistende nasie dissiplineer, is 'n dalende kredietgradering. Baie van die versigtige beleggers sal slegs in besit wees van skuld met die hoogste kredietgradering. Wat sal gebeur as die kredietwaardigheid van die V.S.A. of Brittanje afgegradeer word? In April 2011 het *Standard & Poor's* die huidige Amerikaanse “AAA”-gradering 'n “negatiewe vooruitsig” gegee – 'n vonnis wat dikwels 'n afgradering voorafgaan. Indien Amerika sy gesogte AAA-gradering verloor, sal rentekoerse skielik styg namate beleggers begin skarrel om hul los te maak van hul Amerikaanse verpligtinge, en die Amerikaanse Tesourie sal probleme ondervind om bykomende skuld te maak. China en Japan sal veral geraak word, aangesien hulle die houers is van groot bedrae Amerikaanse soewereine skuld in die vorm van Tesourie-effekte.

*Fitch Ratings*, soos *Standard & Poor's* en *Moody's*, is een van die vernaamste verband-graderingsagentskappe. David Riley, hoof van soewereine skuldgraderings by Fitch, het onlangs kommentaar gelewer oor die Amerikaanse situasie. Sy werkgewer voorspel dat “die Amerikaanse AAA-skuldgradering waarskynlik die stryd sal oorleef oor hierdie jaar se begroting en skuldplafon, maar *die ware toets vir die land se kredietwaardigheid lê nog voor* ... Fitch voorsien dat die Amerikaanse fiskale tekort, insluitende dié van staats- en plaaslike regerings, hierdie jaar sowat 10 persent van die bruto binnelandse produk sal bereik, *die hoogste van enige AAA-gegradeerde soewereine staat*. Die regering se skuldlas sal waarskynlik in 2012 100% van die BBP bereik, ook die hoogste las onder enige AAA-gegradeerde land” *(“US rating to survive budget row, real test ahead – Fitch”,* Reuters, 7 April 2011).

Meer as 'n jaar gelede het *Moody's* 'n soortgelyke waarskuwing uitgereik. Die *New York Times se “Economix” blog* berig: “Die vergulde kredietgradering van die Verenigde State – 'n teken van vertroue regoor Amerika, en inderdaad ook regoor die wêreld – mag in die komende jare in gevaar wees namate die nasie worstel met sy groeiende skuld ... *Moody's* het gesê die Verenigde State en ander groot Westerse lande, veral Brittanje, het 'aansienlik' nader aan die verlies van hul vergulde graderings beweeg” (“*Moody's Says U.S. Debt Could Test Triple-A Rating*”, 16 Maart 2010).

In Londen berig *The Telegraph* dat Brittanje ook gewaarsku is. “Moody's, die graderingsagentskap, het gesê Brittanje se AAA-kredietgradering kan gevaar loop indien stadiger groei dit moeilik maak vir die regering om sy begrotingstekort in toom te hou” (“*Moody's warns Britain over triple-A credit rating”,* 24 Maart 2011).

**Om in 'n netelige posisie te wees met die V.S.A.**

China en Japan is senuweeagtig oor die Amerikaanse skuldsituasie. In Januarie 2011 het China *$1,154.7 biljoen* aan Amerikaanse Staatseffekte gehou – meer as die $889.0 miljard van Januarie 2010! Eweneens het Japan $885.9 miljard gehou in Januarie 2011 – meer as die $765.2 miljard in Januarie 2010. Algemeen gesproke het hierdie twee lande aankope van Amerikaanse Tesourie-effekte gebruik om hulle groot ***handelsoorskotte*** met die Verenigde State te verreken.

Japan het egter massiewe *fiskale tekorte* van sy eie. Soos die *New York Times* berig: “Verlede Mei het *Moody's* Japan se AAA-gradering teruggesny na AA2, namate die mark toenemend ongemaklik geraak het met Japan se skuldlas” (“*Moody's Warns on AAA Ratings*”, 15 Maart 2010).

Dit word steeds erger. Die BBC berig: "Vroeg in 2011 het *Moody's Investor Services* sy vooruitsigte vir Japan se kredietgradering verander van "stabiel" na "negatief", kommer oor skuldvlakke is as rede aangevoer ... In Januarie het die mededingende graderingsagentskap, *Standard & Poor's*, Japan se kredietgradering afgradeer van AA na AA- en ook kommer oor die skuld as rede aangevoer ("*Japan's credit outlook is cut to negative by Moody's*", *BBC News*, 22 Februarie 2011)". Om en by dieselfde tyd is "Japan deur China verbygesteek as die wêreld se tweede grootste ekonomie. Japan het probeer om sy ekonomiese groei aan te wakker en staatsbesteding en lenings het gevolglik toegeneem. Moody's het gesê die regering behoort meer te doen om leenvlakke te beperk. Japan het tans die hoogste staatskuld vlakke van enige industriële nasie" (*ibid*.).

Dit lyk of Amerika dieselfde pad volg en nie in staat is om terug te draai nie.

## "Alreeds genoeg belas"?

Die kwessie van tekorte het 'n politieke speelbal geword in Washington. Die Obama-administrasie het geweet dat die massiewe stimulerende besteding wat wet geword het aan die begin van president Obama se ampstermyn, rekord tekorte sal meebring. Hulle het gehoop om die tekorte te gebruik om groot nuwe belastingverhogings af te dwing en herverdeling van inkomste te bevorder. Baie kommentators glo dat die doel van die administrasie was om 'n *belasting op toegevoegde waarde* af te dwing – 'n soort nasionale verkoopsbelasting – wat 'n nabootsing sou wees van die sosiale demokrasieë in Europa. Hierdie alternatief, 'n "BTW", is algemeen bespreek in Washington. Daar is in effek gehoop dat die rekord tekorte 'n "*skuldbom*" sou skep wat slegs ontlont kon word deur 'n nuwe en verreikende belastingstelsel – of, ten minste, deur aansienlik hoër effektiewe belastingkoerse.

'n Nuwe verskynsel het op die Amerikaanse politieke toneel na vore gekom – 'n beweging wat bekend gestaan het as Die Tee Partye. Die naam verwys na die "*Boston Tea Party*" in 1773, toe nedersetters beswaar gemaak het teen 'n Britse belasting op tee deur 'n vrag van die Britse tee in Bostonhawe te gooi. Sommige *Tee Party* beswaarmakers dra plakkate waar *TEA* gebruik word as 'n akroniem vir "*Taxed Enough Already*". Min mense in Washington het hierdie beweging op voetsoolvlak en die gevolglike invloed daarvan verwag.

Oor die algemeen is lede van die *Tee Party* onversetlik gekant teen nuwe belasting en groei in die regering. Hulle het nou noemenswaardige invloed in Washington en hul stemme het 'n aantal Kongreslede óf in- óf uitgestem in die laaste verkiesing. Daardie politici wat van hulle afhanklik is – en ander wat vrees om in die volgende verkiesing uit te val – sal dit baie moeilik vind om vir enige nuwe belasting te stem. Die Republikeine verwerp nuwe belastings en die Demokrate is gekant teen aansienlike inkortings van maatskaplike besteding. Die konserwatiewe Republikeinse Party beheer die Huis van Verteenwoordigers waar nuwe wetsontwerpe oor belasting en besteding kan ontstaan, maar die liberale Demokrate beheer die Senaat en die presidensie. Die Senaat moet enige inkorting van besteding goedkeur en die President kan 'n wet waarvan hy nie hou nie, veto. Die Kongres het dus 'n dooiepunt bereik. Multi-biljoen dollar se tekorte word nie effektief bestuur nie en gevolglik neem die tekorte toe.

## Die veiligheidskeerpunt

Die Bank vir Internasionale Skikkings, BIS, word dikwels beskou as "die sentrale bank vir sentrale banke". Hulle het 'n nugter beoordeling van die vinnig-ontwikkelende probleem van soewereine skuld in die V.S.A. en ander skuld-belaaide lande, gepubliseer:

"Die finansiële krisis wat uitgebreek het in die middel van 2008 het gelei tot 'n *ontploffing* van openbare skuld in baie gevorderde ekonomieë ... Ons projeksies van openbare skuldverhoudings bring ons tot die gevolgtrekking dat die pad wat gevolg word deur fiskale

owerhede in 'n aantal industriële lande *nie volhoubaar* is nie. Drastiese maatreëls is nodig om die vinnige groei van die huidige en toekomstige verpligtinge van regerings te monitor en om hul negatiewe gevolge vir langtermyn-groei en monetêre stabiliteit te verminder ... [Wanneer] die rentekoers groter is as die groeikoers, *sal die skuldverhouding ontplof by gebrek aan 'n groot genoeg aanvanklike oorsko*t ... Ons ondersoek na die toekoms van openbare skuld lei ons na verskeie belangrike gevolgtrekkings. Eerstens, fiskale probleme waarmee industriële ekonomieë te kampe het, is groter as wat beweer word deur amptelike skuldsyfers wat die implikasies van die finansiële krisis en resessie vir fiskale balanse toon. So skrikwekkend as wat dit is om daaraan te dink dat *openbare* [Amerikaanse Tesourie] *skuld kan toeneem na meer as 100 persent van die BBP* [soos dit teen 2012 in die VSA sal wees], steek 'n nog groter gevaar die kop uit, naamlik 'n vinnig ouerwordende bevolking. Die verwante onbefondsde laste is groot en word meer ... [en] staatsinkomste sal laer wees en uitgawes hoër, wat konsolidasie nog moeiliker sal maak. Tensy aksie geneem word om fiskale beleid op 'n volhoubare grondslag te plaas, *kan daardie koste maklik skerp en skielik styg*" (*BIS Working Papers 300, The Future of Public Debt: Prospects and Implications*, Stephen G. Cecchetti, M.S. Mohanty en Fabrizio Zampolli, Maart 2010).

Die BIS-ekonome waarsku dat Amerika moontlik nou 'n "balanseerpunt" nader waar rente op skuld groter is as ekonomiese groei, en daardeur 'n spiraal van meer lenings en tekorte afdwing. Dit gebeur rondom die punt waar die regering se skuld die bruto binnelandse produk oorskry – presies waar Amerika vandag is. Die BIS het ook gewaarsku dat aan die negatiewe kant van die balanseerpunt, rentekoerse "skerp en skielik", die hoogte kan inskiet, wat die probleem sal vererger en die afwaartse beweging sal laat versnel. Dit kan veroorsaak word deur 'n afgradering van Amerika se soewereine skuld.

**Die *Lehman Brothers* effek**

*Lehman Brothers* was een van die grootste van die *Wall Street* beleggingsondernemings en het baie belê in subprima-verbande. Hulle het op beleggings-vlak, 'n "A"-kredietgradering gehad tot op die oomblik van hul aansoek om bankrot verklaar te word op 15 September 2008. Toe die vermoë van Lehman se subprima portefeulje om sy skuld terug te betaal in gedrang gekom het, is Lehman se kredietgradering deur die graderingsagentskappe verlaag. As gevolg hiervan het hul leners vinnig hul kredietlimiete ingekort. Lehman was dadelik bankrot en hulle moes die beskerming soek van hoofstuk 11 aangaande bankrotskap. Dit het *baie vinnig* gebeur.

Daar is egter geen bankrotskap-hof om nasies te beskerm nie. Voordat dit gebeur dat die nasies nie hul soeweriene skuld kan betaal nie, verhoog hul skuldeisers gewoonlik die terugbetalingskoerse of hou heeltemal op om aan hulle geld te leen. Dalende kredietgraderings en stygende rentekoerse is die tekens om dop te hou. Kan so iets met Amerika gebeur? Kan Amerika of Brittanje se AAA-gradering verlaag word en die leners dan terugstaan? Die klein nasie van Griekeland was deur die Europese Unie geborg, maar wie kan Amerika of Groot-Brittanje borg?

**Nog 'n waarskuwing van lank gelede**

Die Verenigde State en Groot-Brittanje is grootliks deur God geseën en in vroeëre geslagte het die leiers en die bevolking oor die algemeen erken dat hulle seëninge van God kom. God sê aan ons dat dit *Hy* is wat vir ons verkryging van rykdom moontlik maak, maar Hy waarsku ons ook daaroor: "*Neem jou in ag* dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie; sodat jy nie miskien eet en versadig word nie en mooi huise bou en bewoon, en jou beeste en jou kleinvee vermeerder en jou silwer en goud vermeerder, ja, alles wat jy het, vermeerder – en

jou hart hom dan verhef, dat jy die HERE jou God vergeet wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het … en jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe. Maar dink aan die HERE jou God, dat *dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe*, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is" (Deuteronomium 8:11-14, 17-18).

'n Nasie wat deur God geseën word in die skepping van rykdom is dikwels 'n nasie wat aan ander nasies uitleen. Dit was in die verlede die geval met Amerika en die Verenigde Koninkryk. "En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees. En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee. Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en *jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie*. En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen" (Deuteronomium 28:10-13).

Wat sê God egter sal gebeur wanneer Hy Sy seëninge onttrek? Onder andere sal skuld vermeerder. "Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak. *Hy sal aan jou leen, maar jy sal aan hom nie leen nie*; hy sal die kop en jy die stert wees" (Deuteronomium 28:43-44).

Sommige nasies het nodig om op die harde manier te leer dat "hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen" (Spreuke 22:7). *Amerika het 'n "skuldbom" vervaardig en sukkel nou om dit onskadelik te stel – en die lont brand al korter!* WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Londen Roep

## Van Britte na BRICS

**Deur Rod King**

Baie lande het aan hul mense identifiserende name gegee. Nieu-Seelanders noem hulself "Kiwis" terwyl die Australiërs graag "Aussies" genoem wil word. Die Britte dan? Wel, hulle het 'n stoïsynse naam vir hulself. Hulle noem hulself "Britte". Dit dra 'n sekere soliede, betroubare klank.

Die posisie van die "Britte" oor die wêreld heen word toenemend uitgedaag deur meer aktiewe, opkomende ekonomieë wat nie soseer gebuk gaan onder die las van maatskaplike welsynskoste, enorme skuld en verouderende infrastruktuur nie. Hierdie opkomende lande is in staat om met selfvertroue te beweeg in die markte wat die Westerse wêreld vir meer as 'n eeu oorheers het. Hulle kompeteer deur gebruik te maak van goedkoop arbeid en namate tegnologie- en onderwysvlakke styg, is hulle goed toegerus om dit tot hul voordeel te gebruik.

Op China se Hainan-eiland, is daar onlangs 'n vergadering gehou deur die leiernasies wat betrokke is in hierdie wêreldwye magsverskuiwing. China, die wêreld se opkomende swaargewig aanspraakmaker, het ander "aspirant" groot name na die vergaderings genooi, wat aanleiding gegee het tot 'n nuwe naam wat u seker meer dikwels in die toekoms sal hoor. Die spelers is *B*rasilië, *R*usland, *I*ndië, *C*hina en *S*uid-Afrika (gesamentlik bekend as BRICS).

Die "BRICS" is die tuiste van 3 miljard mense, 40 persent van die wêreld se bevolking. China het alreeds die wêreld se grootste uitvoerder geword deur baie te spandeer aan ingevoerde grondstowwe, veral olie. China se gulsige aptyt vir handel het Rusland ook gedruk om 'n belangrike uitvoerder van vervaardigde goedere te word. Intussen verkoop Brasilië ongeëwenaarde hoeveelhede ystererts aan China vir die gebruik in staalfabrieke.

### Wêreldwye verskuiwing van rykdom en mag

'n Honderd jaar gelede het China die einde van sy dinastiese era bereik, Rusland was nog regeer deur die Romanovs, en Indië was onder Britse heerskappy. In 1911 was Brasilië 'n minder-bekende Suid-Amerikaanse land en Suid-Afrika was 'n plek vir Britse en Amerikaanse nyweraars om goud en diamante te ontgin. Groot-Brittanje het in 1911 nog meer as 50 persent van die wêreld se skeepsvaart beheer en die Koninklike Vloot het oor die "golwe regeer".

'n Eeu gelede het die Verenigde State van Amerika, net na die avonture in die Filippyne en Panama, gestyg na wêreld-moondheid status – 'n status wat bevestig sou word na die Tweede Wêreldoorlog. Teen daardie tyd het Groot-Brittanje die wêreld se grootste debiteernasie geword en Amerika was die grootste krediteer-nasie. Brittanje het voordeel getrek, tot in die omgewing van $26 miljard, uit die Amerikaanse *Lend-Lease* "wapens-op-krediet"-skema. Daarbenewens het Brittanje die grootste aandeel van die *Marshall-plan* se hulp ontvang, meer as enige ander Europese land.

Amerikaanse hulp het egter nie sonder vangplekke gekom nie. Om 'n 1945 Amerikaanse lening van $3.7 miljard teen 2% rente te ontvang, was Brittanje gedwing om die "Imperiale Voorkeurstelsel" waarvolgens meer as 50% van internasionale betalings in pond sterling gemaak moes word, te beëindig. Voortaan sou die Amerikaanse dollar die wêreld se valuta uitruilstandaard wees.

Die voorwaardes van die transaksie het woede en wrokkigheid in die Britse Parlement veroorsaak. Die tydskrif *Economist*, het snydend geskryf: "Dit is skreiend om te vind dat ons beloning vir die verlies van 'n kwart van ons nasionale rykdom is om vir 'n halwe eeu hulde te bring aan

daardie mense wat deur die oorlog verryk is" (*Reluctant Europeans*, Gowland en Turner, bll. 14-18).

Die teësinnige Britte moes 'n verlies van prestige en mag aan hulle klein broertjie afstaan. Die historikus Niall Ferguson wys daarop dat die Amerikaanse oorlogsdoelstellings "*in baie opsigte meer openlik vyandig [was] teenoor die Britse Ryk as enigiets wat Hitler ooit gesê het*" (*Empire*, bl. 344). Dit is dan geen verrassing dat, as 'n voorwaarde vir voortgesette Amerikaanse hulpverlening, die Koloniale Kantoor, oor die daaropvolgende 20 jaar, dikwels met onbehoorlike haas, hulself moes ontledig van die laaste oorblyfsels van die grootste ryk wat die wêreld nog ooit geken het. Amerika sou nooit *openlik* die mantel van die imperiale grootheid opneem nie. Veel eerder sou dit ekonomiese imperialisme in die wêreld uitoefen, met reuse Amerikaanse maatskappye wat die wêreldhandel oorheers.

Dit alles het waarskynlik nou tot 'n einde gekom, aangesien Amerika nou is waar Groot-Brittanje was na die Tweede wêreldoorlog – die wêreld se grootste dibiteer-nasie, net soos Groot-Brittanje 65 jaar gelede was. Die BRICS weet dit, en is gretig om groter mag oor ekonomiese gebeure te aanvaar. Sal hulle egter? Sal Amerika sy terugbetaling ontvang, net soos Brittanje na die Tweede wêreldoorlog?

Ons ondervind tans 'n massiewe wêreldwye magsverskuiwing van seismiese afmetings. Dit is 'n tyd wanneer verrekening van die finansiële rekeninge van nasies moet geskied. Die grootsheid van die ryke, of sogenaamde ryke, tel niks wanneer hulle koffers leeggemaak is nie. Spanje het sy imperiale invloed verloor toe sy bron van goud en silwer uit Suid-Amerika nie meer beskikbaar was nie. Die Franse was die verloorders toe Britse imperialisme hulself laat geld het na die Napoleontiese oorloë. Selfs in die onlangse verlede, het Japan se ekonomiese invloed afgeneem terwyl China baie van sy markte oorgeneem het.

**Wie sal die menigte regeer?**

Die BRICS lande sien hulself as die erfgename van 'n nuwe wêreldorde. Verhoudings tussen lede van die spelersklub was nie altyd so rooskleurig soos dit mag voorkom terwyl hulle moes wedywer om dieselfde skaars hulpbronne nie. Indië en China kyk mekaar al vir baie jare lank met afgunstige oë aan en in 1969 het 'n hewige uitbarsting tussen Rusland en China plaasgevind.

Een wêreldmag wat gebeure fyn dophou, is die Europese Unie – in die besonder, hul ekonomiese dryfkrag, Duitsland.

Bybelprofesie gee aan ons insig oor waar die wêreld se rykdom en mag uiteindelik sal berus. Diegene wat die *Wêreld van Môre* se duidelike insig oor wat in die wêreld aangaan gevolg het, sal verstaan dat 'n herlewing van die "Babiloniese" stelsel nou besig is om in Europa gevorm te word. Dit is nie net besig om te herrys as 'n aanspraakmaker op Amerikaanse leierskap nie, maar sal inderdaad, vir 'n kort tydjie, die hele wêreld oorheers. Die boek Openbaring gee aan ons 'n unieke perspektief op die jare wat voorlê.

In Openbaring 17 word ons bekendgestel aan 'n vrou wat op 'n skarlakenrooi dier ry. Dit is Bybelse simboliek vir 'n kerk in beheer van 'n regering (ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring*, sal aan u 'n vollediger begrip van hierdie simbole gee). Hierdie regering kan geïdentifiseer word met 'n verenigde Europa wat uiteindelik die beheer van die wêreld se monetêre stelsel en die internasionale handel sal oorheers.

Ons lees 'n relaas oor die tyd wanneer die hele Europees-beheerde stelsel in duie stort: "En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar omdat niemand hulle koopware meer koop nie" (Openbaring 18:11). Dan, die voltooiing van die prentjie, "... omdat in een uur soveel rykdom verwoes is! En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan" (verse 16-17).

Die prentjie is duidelik. Die wêreld se ekonomiese orde is in 'n aanpassingsproses; dit sal **nie** beheer word deur BRICS nie, maar eerder deur 'n opkomende Europese moondheid. Na 200

jaar van Anglo-Amerikaanse oorheersing, sal dit Europa wees – nie 'n Asiatiese/Suid-Amerikaanse/Afrika blok nie – wat sal opstaan en vir 'n ruk lank beheer sal oorneem van die wêreld se rykdom.

Die goeie nuus is dat voordat al hierdie dinge verby is, Jesus Christus sal terugkeer as Koning van die konings en Here van die here om regverdige ekonomiese orde aan die wêreld te bring. Dan sal die hele wêreld deel in die oorvloed van 'n billike en regverdige stelsel. Ons moderne "Babilon" sal vernietig word en deur die Koninkryk van God vervang word. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Herstel vinnig!*

het belowe "die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Johannes 14:26). Die dissipels sou in staat wees om met begrip alles te onthou wat Jesus hulle geleer het tydens Sy bediening. Dit sou hulle "in die hele waarheid lei" (Johannes 16:13).

Indien ons werklik soek na God en uitroep vir Sy begrip, sal Hy dit ook aan ons gee. Let op wat Christus ook vroeër in sy bediening gesê het: "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" (Lukas 11:13).

Petrus het die belofte van die Gees onthou, en dit het hom bemoedig in die ergste dae van sy lewe. Toe die Heilige Gees gestuur is, het God Petrus kragtig gebruik as leier onder die dissipels op die Pinksterdag (Handelinge 1:4). Wanneer ons struikel en probleme ondervind, moet ons onthou dat God ons kan help. As ons tot ons Vader uitroep in nederige gehoorsaamheid aan Hom, gewillig om ons eie wil te versaak vir Sy wil, sal Hy ons lei. Indien ons werklik boetvaardig en gehoorsaam is, sal Hy Sy Gees in ons plaas (Handelinge 2:38, 5:32).

**God het groot planne vir ons**

Terwyl ons jonk is het ons dikwels "groot planne" vir 'n leeftyd van indrukwekkende prestasies. Namate ons groei leer ons nie net watter doelwitte ons strewe waardig is nie, maar ook wat dit verg om daardie doelwitte te bereik. Diegene wie se ambisies groter is as hul pogings, kan moedeloos raak en vind dat hulle verhewe ambisies teenproduktief raak. Skryfster Sue Shellenbarger merk op: "Selfs wanneer studente vasklou aan hoë ambisies, stel hulle hulself dikwels bloot aan mislukking deur nie hul gedrag in lyn te bring met hulle doelwitte nie, sê Dominique Morisano, 'n assistent professor in Kliniese Sielkunde aan die Universiteit van Columbia ... Hulle mag sê: 'Ek wil 'n pediater word', maar hulle woon nie klasse by nie, hulle gebruik dwelms, hulle sorg nie vir hulself nie, sê Dr Morisano ... Die gevolg is dikwels hopeloosheid. 'n Geloof in 'n mens se vermoë om doelwitte te bereik is belangrik om 'n hoopvolle gesindheid te bou" ("*Making Kids Work on Goals", Wall Street Journal,* 9 Maart 2011).

Volwassenes stel ook soms onrealistiese doelwitte. Petrus het dit gedoen toe hy gedink het hy kon Christus met sy swaard verdedig teen die mag van die Romeinse leër. Toe hy misluk, was hy platgeslaan. Ons sal ook teleurgesteld wees as ons op ons eie probeer en misluk om werklik te verander en te groei. Indien ons ons egter aan God se heerskappy oor ons lewens onderwerp, word opregte oorwinning moontlik (Mattheüs 19:26). Wanneer ons geteister word deur skynbaar eindelose beproewings, moet ons onthou waarom God ons geskep het. Hy wil hê dat ons moet groei en vir altyd in Sy ewige Gesin wees! Dit is nie "kamma-kamma" godsdienstige sentiment nie, maar 'n rots-vaste belofte van die grote Skepper God!

Net voor Sy dood, het Jesus aan Sy dissipels ontsaglike bemoediging gegee. Hy het hulle van Sy toekomstige Koninkryk vertel. Deur dit te doen, het Hy nie verwys na iets abstraks "in ons harte" nie. Nog minder het Hy 'n organisasie van vleeslike menslike wesens beskryf wat met mekaar wedywer vir wêreldse mag. Nee! Hy het die

*Vervolg op bladsy 26*

# Gehoorsaamheid versus Genade

## Deur Richard F. Ames

*Kan ons redding "verdien" deur gehoorsaamheid aan God? Wat beteken God se genade vir Christene? Is dit 'n "vrypas" vir wanneer ons sondig, of is dit 'n kragtige middel om ons te help om die lewensweg wat Jesus Christus Sy volgelinge geleer het, uit te leef? Dit is noodsaaklik dat u weet! Sommige mense sê: "Glo net, en jy sal gered word"! Hulle idee is dat enigiets anders 'n valse "redding deur werke" is. Andere sê weer dat daar 'n stel regulasies is wat mens 'n beter plek in die hiernamaals kan laat "verdien". Wat is die waarheid van die saak? Die antwoord mag u verras!*

Is gehoorsaamheid aan God teenstrydig met die aanvaarding van Sy genade? Nadat 'n Christen God se genade ontvang het, vereis God nog iets meer?

God sê aan ons dat ons ons moet **bekeer** en **gedoop** word, maar is dit dan "redding deur werke"? Baie belydende Christene verstaan die rolle van genade en gehoorsaamheid in hul lewens heeltemal verkeerd. Hulle verstaan nie wat die Bybel werklik leer aangaande gehoorsaamheid aan Jesus Christus, en wat dit beteken om gered te word nie.

Op een of ander tydstip in u lewe, het iemand seker al aan u die vraag gestel: "Is u gered?" Hoe het u reageer? Ons weet dat almal wie reageer op God se roeping, wat hulle werklik bekeer en gedoop is, se sondes vergewe sal word, en dat hulle die gawe van die Heilige Gees sal ontvang – die geestelike krag wat hulle in staat sal stel om 'n nuwe lewe te lei. Wat beteken dit egter om werklik te reageer op God se roeping?

Op Pinksterdag in 31 n.C., in die eerste geïnspireerde preek van die Nuwe-Testamentiese Kerk, het die Apostel Petrus 'n paar duisend mense in Jerusalem toegespreek, waarna hulle oortuig geraak het van hulle aandeel in die dood van die Messias, Jesus Christus. Duisende het aan Petrus en die ander Apostels gevra: "Wat moet ons doen, broeders?" (Handelinge 2:37).

Hier was Petrus se geleentheid om aan hulle te sê dat hulle nie nodig het om enigiets meer te doen as om net te "glo" nie. Het hy dit aan hulle gesê? Nee! Wat het hy eintlik gesê? "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot ver-gewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Petrus het wonderlike nuus verkondig – dat hulle sondes vergewe kan word, en dat hulle die gawe van die Heilige Gees kan ontvang. Om dit te laat gebeur, het hy aangedring op twee dinge – dat hulle hul moet **bekeer**, en dat hulle gedoop moet word.

Indien u na Petrus geluister het, en berou gehad het oor u aandeel in Christus se dood en graag u lewe wou verander en vergifnis wou ontvang, wat sou u gedoen het? Sou u met Petrus gestry het: "Ek sal my nie bekeer nie! Ek sal my nie laat doop nie! Dit is werke, en ek hoef nie my saligheid te verdien nie!"? Indien u dit sou gedoen het, sou u gestry het teen baie van God se duidelike opdragte, insluitende hierdie basiese Nuwe-Testamentiese leerstellings.

Natuurlik kan niemand redding **verdien** nie. 'n Moedswillige ongehoorsaamheid aan God se opdragte is 'n seker teken dat u **nie** regtig berou het of waarlik tot bekering gekom het nie.

Hoe het die skare reageer op hierdie eerste Pinksterdag in die Nuwe-Testamentiese Kerk? Die Skrif deel met ons die wonderlike nuus. "Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring. En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede" (Handelinge

2:41-42).

Op daardie dag het 3,000 nuwe Christene God se opdrag gehoorsaam – hulle het tot **bekering** gekom en is **gedoop**. Hulle het gedoen wat Jesus alle Christene aangesê het om te doen: “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

**Wat is bekering?**

Petrus se opdrag was duidelik en eenvoudig – nogtans stem baie mense vandag nie saam met sy duidelike verkondiging van God se Woord nie. Vandag vind ons baie mense wat emosioneel “gered” wil wees, maar wat die ernstige saak van bekering, wat doop moet voorafgaan, ignoreer.

Presies wat is bekering? Die Griekse woord wat vertaal is as “bekeer”, is *metanoeo*, wat beteken om “anders te dink”. Mens moet jou bekeer – anders dink – oor jou sonde. Wat is sonde dan? “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid” (1 Johannes 3:4). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling stel dit so: “... sonde is die oortreding van die wet van God”. Wanneer u een van die Tien Gebooie verbreek, het u gesondig. Soos die apostel Jakobus skryf: “Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jakobus 2:10-12).

Wanneer ons bekeer van sonde, het ons diep berou omdat ons God se wet oortree het. Ons het nie meer 'n vyandige gesindheid teenoor God en Sy wet van vryheid nie. Ons het nie meer langer 'n vleeslike gesindheid wat vyandig is teen die wet van God nie (verwys Romeine 8:7). Na bekering, wil ons in harmonie wees met God se wet van liefde – die Tien Gebooie. Bekering bring 'n intense verandering in ons denkwyse mee, 'n vaste voorneme om volgens elke woord van God te lewe. Jesus sê immers: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4).

Bekering is meer as 'n intellektuele bewustheid van sonde. Opregte bekering bring diepe berou oor ons sondes. Dink aan die vrou wat Jesus se voete met haar trane gewas het (sien Lukas 7:38). Dit is intense berou.

Ons behoort bewus te wees dat daar 'n wêreldse berou is wat **nie** opregte bekering is nie. Kyk hoe Paulus erkenning gee aan die Korintiërs se bekering: “Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens *die wil van* God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie. Want die droefheid volgens *die wil van* God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood” (2 Korinthiërs 7:9-10).

Sommige misdadigers spreek wêreldse berou uit wanneer hul sê dat hulle jammer is oor hul misdade (of sondes), terwyl hulle eintlik diep binne hulself sê: “Ek is jammer dat ek gevang is”, of, “ek is jammer dat ek skuldig voel, of omdat ek moet boet vir my misdaad, maar, as ek 'n kans kry sal ek weer 'n ander misdaad pleeg”. Dit is nie net misdadigers wat hierdie wêreldse berou het nie. Baie mense wat verslaaf raak aan gewoontevormende en ongesonde gewoontes – seksuele sondes, dwelmmisbruik of alkoholmisbruik – mag 'n soort van berou voel en spyt wees oor die gevolge wat hul gedrag meebring. Hoewel, sonder 'n werklike verandering van hart, en sonder 'n verandering van gedrag, sal hul voortdurende sonde tot die dood lei! Die berou van die wêreld lei tot die dood!

Goddelike berou – ware bekering – bring ander, beter vrugte mee. Let op na die eienskappe daarvan, soos beskryf in die Bybel: “Want kyk, juis dit, dat julle bedroef geword het volgens *die wil van* God – wat 'n groot ywer het dit in julle gewerk, ja, verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle bewys dat julle in

die saak rein is" (2 Korinthiërs 7:11).

**Anders dink en doen!**

Diegene wat hul werklik bekeer het, dink anders en doen anders. Hulle is ernstig oor hul voorneme om hul lewens te verander! Sulke individue sal inderdaad dramatiese veranderings maak in reaksie op die genade wat hulle ontvang het. Onthou wat Johannes die Doper gesê het aan die Fariseërs en Sadduseërs wat gekom het om deur hom gedoop te word? "En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes. Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas" (Mattheüs 3:5-8).

Indien ons voortgaan om sonde te bedryf sonder enige verandering in ons gesindheid of lewe, is daar geen opregte bekering nie. Psalm 51 is Dawid se skulderkentenis van sy sonde. Lees daardie Psalm en dit sal u help om dieper insig te verkry. Let daarop dat Dawid nie vra vir "geregtigheid" nie! Geregtigheid vir Dawid sou die doodstraf beteken. "... die loon van die sonde is die dood" vir ons almal (Romeine 6:23)! Dus, in sy berouvolle gesindheid het Dawid gevra vir genade. "Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde" (Psalm 51:3-4).

Dawid het sy sonde erken! Hy het ernstig tot God gebid om hom te reinig. Het u al ooit op hierdie manier gebid? "Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou" (verse 5-6).

Hoe het Dawid teen God "alleen" gesondig? Dawid het owerspel gepleeg met Batseba. Hy het Batseba se man Uría, wat 'n soldaat was, na die voorste linies gestuur om doodgemaak te word. Dawid het sekerlik teen hulle "gesondig". God het egter beveel: "Jy mag nie doodslaan nie. Jy mag nie egbreek nie" (Exodus 20:13-14). Dawid het gesondig teen die Wetgewer, en het onder God se doodstraf gekom.

Dawid se berou stel 'n voorbeeld vir ons almal. Ons moet almal daardie nederige en berouvolle gesindheid hê! "Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie" (Psalm 51:19).

**'n Lisensie om te sondig?**

Nadat ons tot by die punt van bekering gekom het, soos Dawid, en ons gehoorsaam Christus se opdrag om gedoop te word, word al ons sondes van die verlede vergewe en begin ons om soos 'n nuwe mens te wees. Hoe behoort ons dan te reageer op die onverdiende vergifnis en genade wat God aan ons geskenk het? Let daarop: "WAT sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Romeine 6:1-2). Behoort 'n nuut-verwekte Christen, vir wie God vergewe en genade bewys het (onverdiende vergifnis en kwytskelding), voort te gaan om God se wet te oortree en aan God ongehoorsaam te wees? Paulus sê duidelik: "Nee, stellig nie!" Die Bybelse bewyse is oorweldigend. Ons kan nie voortgaan om opsetlik aan God ongehoorsaam te wees en die geskenk van verlossing ontvang nie! Paulus het te doen gehad met vals Christene wat probeer het om – soos baie mense vandag doen – genade te gebruik as 'n lisensie om te sondig!

Die apostel Judas veroordeel ook hierdie onbybelse benadering tot genade. "Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (Judas 4). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling stel dit só: "... goddelose mense ... Hulle misbruik die genade van ons

God. Hulle gebruik dit as dekmantel om losbandig te lewe ...”.

Hoeveel belydende Christene doen nie vandag net dit nie? Diegene wat God se genade verdraai, sê deur hul optrede: “Ons is vry om die Tien Gebooie te oortree; ons hoef nie God en Sy gebooie te gehoorsaam nie!” Dit is verkeerd! Daardie vorm van opstand is vleeslikheid, nie bekering nie! Bekeerde Christene besef dat die onderhouding van God se gebooie 'n betuiging van liefde is. Die eerste vier gebooie leer ons hoe om God lief te hê, die laaste ses gebooie leer ons hoe om ons naaste lief te hê. Soos die apostel Johannes skryf: “Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3) – of “nie moeilik ... nie,” soos die NV dit stel.

Soos die apostel Paulus dus sterk beklemtoon, kan ons nie voortgaan om onder genade te lewe terwyl ons sonde bedryf nie. Geen waarlik bekeerde Christen sou graag sonde wil bedryf en terselfdertyd op genade aanspraak maak nie. Die ware Christen besef dat die “ou mens dood is” met die onderdompeling by die doop, soos Paulus verduidelik: “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel” (Romeine 6:3-4). Daardie “begrawe” word gesimboliseer deur die berouvolle sondaar se algehele onderdompeling in water.

**Die Heilige Gees**

Ons kan nie geestelik groei sonder God se Gees nie. God gee aan 'n berouvolle sondaar die geskenk van die Heilige Gees ná die doop.

God verwag van ons om aktiewe geloof te beoefen. Hy verwag dat ons Hom sal vertrou tot op die punt waar ons werklik sal doen wat Hy aan ons sê om te doen. Jesus waarsku sy volgelinge: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). Ons behoort te doen wat Hy gedoen het! Onthou, Jesus het self die voorbeeld gestel deur gedoop te word in gehoorsaamheid aan God se voorskrifte!

Let daarop dat hierdie geskenk van God se Gees gegee word deur die oplegging van hande deur God se ware dienaars. Die Apostels “het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 8:17). Die Heilige Gees is die geestelike krag van God wat ons verwek as Sy kinders en ons bemagtig om geestelik te groei.

Ons het die Heilige Gees nodig om die afwaartse trekkrag van die menslike natuur te oorkom. Paulus beskryf sy stryd met die menslike natuur: “Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here. So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde!” (Romeine 7:25-26).

Let op Paulus se gesindheid van gehoorsaamheid. Sal God die Heilige Gees gee aan diegene wat 'n gesindheid van ongehoorsaamheid het? Nee, Hy sal nie! Soos Petrus dit duidelik stel: “En ons is sy getuies van hierdie dinge, en so ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is” (Handelinge 5:32). God sal nie die gawe van die Heilige Gees gee aan diegene met 'n gesindheid van ongehoorsaamheid nie.

Petrus en die Apostels het voortdurend 'n gesindheid van gehoorsaamheid aan God geopenbaar. Let op Petrus se vrymoedigheid toe hy met die Joodse Sanhedrin gepraat het. Hierdie raad het die Apostels beveel om nie in die naam van Jesus te preek nie. Wat was hulle reaksie? “En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense” (Handelinge 5:29).

Een van die temas van die Bybel, van Genesis tot Openbaring, is dat gehoorsaamheid aan God seën bring terwyl ongehoorsaamheid aan God vloeke meebring. U kan God se genade ontvang – Sy wonderlike seëninge en Sy gawe van die ewige lewe – deur Jesus Christus, onse Here. Onthou egter dat God net sy vrye gawe van verlossing aan diegene sal skenk wat gewillig is om hul te bekeer, Hom te glo en te gehoorsaam. Soos Petrus skryf:

***Vervolg op bladsy 27***

# Herstel vinnig!

## Deur Rod McNair

*Ons almal faal van tyd tot tyd. Hoe reageer ons egter wanneer mislukking voorkom? Raak ons mismoedig, of staan ons op en probeer weer 'n keer? U Bybel gee waardevolle insig in hoe om mislukking te gebruik as 'n springbord na sukses! U kan die lewe se terugslae verander na 'n springbord vir geestelike sukses!*

Terwyl ek die baan af-hardloop, het my voete verstrengel geraak en ek het myself voel val. Dit het gelyk asof die betonblad van die basketbal-baan, besaai met los stukkies gruis en vullis, opstyg om my te ontmoet. Vir 'n oomblik het dit gevoel of die tyd stilstaan terwyl ander spelers by my verby skarrel. Ek was besig om te val, en het myself gestaal vir die onvermydelike pletterlanding!

Skielik flits dit deur my gedagtes en onthou ek die afrigter se waarskuwingswoorde vir so 'n oomblik: "*Skouer in en rol*"! Hy het ons gemaan om nie te probeer om 'n val te stuit nie, maar om net die elmboog en skouer "in te trek" en saam met die val te rol.

Ek het die afrigter se raad gevolg, deur die val gerol en was verbaas oor hoe vinnig ek weer my ewewig herwin het en terug was op my voete. Ek het myself gered van 'n lelike betonbrand en het aaklige gruis-snye aan my arms en elmboë voorkom. Ek het moontlik 'n gebreekte pols verhoed. Daardie dag op die basketbalbaan het ek 'n duursame les geleer. Daar is 'n "regte" manier om te val, en 'n "verkeerde" manier. Die regte manier spaar 'n mens van onnodige snye, kneusings en selfs ernstige beserings.

In die arena van die lewe sal almal van ons terugslae en teleurstellings beleef. Elkeen van ons sal uiteindelik in iets faal – of val! Volgens die *Merriam-Webster* woordeboek, spruit "mislukking" uit 'n oorspronklike Franse wortelwoord wat "om te val" beteken. Dit verwys na iets wat nie plaasvind nie, prestasie wat nie behaal is nie, die gebrek aan sukses of om tekort te skiet. Die HAT omskryf dit as iets wat ontbreek, tekortskiet of misluk, of foute wat begaan word.

Ons almal struikel soms, maar, wanneer ons struikel, hoe reageer ons daarop? Hoe hanteer ons terugslae in die lewe sonder dat dit ons gees demp?

**Mislukking: Springbord na sukses**

Enigiemand wat iets probeer doen, sal foute begaan. Dit is deel van die leerproses. Michael Jordan, die bekende Amerikaanse basketbal-speler, het na bewering gesê: "Ek het in my loopbaan meer as 9,000 doelskote gemis. Ek het byna 300 wedstryde verloor. Ek het 26 keer die spel se wendoel gemis wat aan my toevertrou was. Ek het herhaaldelik in my lewe gefaal. Dit is waarom ek slaag" (*Nike Culture: The Sign of the Swoosh*, bl. 49).

Politieke en militêre leiers het ook die belangrikheid besef om mislukking met 'n positiewe gesindheid te hanteer. Die Britse Eerste Minister Winston Churchill het eenmaal gesê: "Sukses is nooit finaal nie. Mislukking is nooit fataal nie. Dit is moed wat tel". Dit is bekend dat Amerika se Generaal George S. Patton gesê het dit maak nie saak hoe ver jy val nie, maar "hoe hoog jy terugspring wanneer jy die bodem tref"!

God wil hê dat ons dieselfde gesindheid moet hê. Nee, Hy hou Hom nie blind vir sonde nie. Hy spreek ons nie altyd vry van die gevolge van ons foute nie. Hy leer ons egter wel om probleme positief te benader. Hoe kan ons seker maak dat beproewings ons nie vernietig nie? Hoe kan ons mislukking verander in 'n springbord na sukses?

**Was Petrus 'n mislukking?**

Die laaste Pasga van Jesus Christus in 31 n.C. was 'n lewensveranderende ervaring vir al Sy dissipels, insluitende Petrus. Vol vertroue in sy eie vermoëns, was Petrus seker dat hy Jesus Christus sou beskerm teen enige ongeluk wat Hom sou kon oorkom. Hy het Jesus daarvan verseker tydens die laaste Pasga, toe hy aan Hom

gesê het: "Ek sal my lewe vir U gee" (Johannes 13:37). Hierop het die Messias geantwoord: "Sal jy jou lewe vir My gee? Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai voordat jy My drie maal verloën het nie" (Johannes 13:37-38).

Hierdie stelling moes 'n skok gewees het vir die selfversekerde Petrus. Hy het geen voorneme gehad om sy rug op die Messias te keer nie! Hy sou tot die dood toe veg! Dit was egter nie lank voordat Petrus sy woorde moes sluk en gedoen het presies wat die Here voorspel het nie. Jesus en Sy dissipels het na die tuin van Getsémané gegaan, waar hulle dikwels gewandel en gesels het. Dit was daar waar Judas Iskariot Hom verraai het aan die owerpriesters. Petrus het probeer om fisies in te gryp, maar toe het Jesus hom gekeer en hom beveel om sy swaard weg te sit. Tot Petrus se skok, het Jesus toegelaat dat Hy vasgebind, in hegtenis geneem en weggelei word.

Jesus Christus is voor die Hoëpriester gebring waar Hy ondervra, verneder, geklap en geslaan was. Petrus het die binnehof van die Hoëpriester binnegeglip om te sien wat volgende sou gebeur, maar tot sy ontsteltenis was hy herken. Presies soos Christus voorspel het, het Petrus by drie afsonderlike geleenthede ontken dat hy Jesus ken (Lukas 22:56-60). Net nadat die haan gekraai het, het "... die Here ... Hom omgedraai en Petrus aangekyk" (Lukas 22:61).

Die besef van wat hy gedoen het, het in een skrikwekkende sekonde tot hom deurgedring. Vanaf 'n oormaat selfvertroue, was Petrus se verwagtings verpletter. *Hy het misluk*. Hy het in bitterheid gevlug, oorweldig deur hartseer (vers 62).

**U keuse**

Elke keer wanneer ons val en 'n fout maak, moet ons 'n besluit neem. Ons word gedwing om te kies hoe ons gaan reageer. Of terugslae nou klein of groot, onbelangrik of lewensveranderend is, ons het 'n keuse. Watter pad sal ons volg?

In daardie bitter ure en dae na sy verloëning van Christus, het Petrus diep gedink. Dit was 'n kritieke tydstip in sy lewe. Hy het van aangesig tot aangesig gekom met sy eie menslike swakheid. Hy was geskok om te ontdek hoe weerloos en bang hy kon wees. Hierdie sterk dosis werklikheid het hom tot in sy diepste wese geskud. Petrus het egter die regte keuse gemaak, en ons lees dit in die Bybel. Geslagte was geïnspireer om te lees hoe Petrus herstel het van 'n onuitspreeklike terugslag om 'n kragtige instrument in God se Kerk te wees. In die woorde van die apostel Paulus, hy was bedroef "volgens *die wil van* God ... Want die droefheid volgens *die wil van* God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood" (2 Korinthiërs 7:9-10).

Petrus se keuse het hom gelei na innige berou, kragtige ywer en 'n sterk begeerte om sy menslike swakhede te oorkom (vers 11). Dit het God in staat gestel om hom te kon gebruik as 'n dinamiese leier in die jong kerk. Dit het sy lewe vir ewig verander. Wat kan ons uit Petrus se voorbeeld leer wanneer ons beproewings en probleme in die lewe ervaar? Hoe kan ons leer om beter en vinnig te herstel?

**Probleme: Deel van die lewe**

Net voor Sy dood het Jesus Christus sekere kragtige en bemoedigende voorskrifte gegee wat Petrus en al die ander Apostels hulle hele lewe deur sou inspireer. Soos Hy voorspel het dat hulle almal Hom sou verlaat, het Hy ook gesê: "Glo julle nou? Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat; tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is. Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Johannes 16:31-33).

Die Bybel toon dat beproewings deel van die lewe is – selfs vir diegene wat daarna streef om God te gehoorsaam! Ons bring weliswaar sommige daarvan oor onsself. Ander weer is die gevolg van ons eie swakheid of trots, of selfs ons eie onnoselheid! Ander kere weer is probleme nie ons eie skuld nie, maar raak omstandighede buite

ons beheer. Ons sal probleme hê.

Dieselfde Petrus wat Christus verloën het, het ook jare later geskryf: "Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed *van vervolging* onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel" (1 Petrus 4:12-13). Nogtans, hoeveel keer raak ons nie verbouereerd omdat slegte dinge gebeur nie? Hoe dikwels dink ons: "Dit is nie veronderstel om met my te gebeur nie"!

Jesus sê aan ons om nie moedeloos te word wanneer ons terugslae ondervind nie. "HIERDIE dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie ... maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Johannes 16:1,33). Om te erken dat ons probleme het, neem hulle nie weg nie. Dit help ons tog wel om dit te hanteer in plaas van om dit te ontken of om daarvan weg te hardloop.

Goeie ouers sal hul kinders leer hoe om met terugslae en probleme te handel. Hulle sal hul help om te verstaan "die lewe behels baie frustrasies, en dit is slegs deur middel van ervaring van frustrasie dat ons leer om dit te verdra. Dit stel ons in staat om teenstand te omskep in uitdaging en om te volhard ten spyte daarvan. Volharding, daardie allerbelangrikste 'as jy nie die eerste keer slaag nie' gesindheid, is die heel belangrikste eienskap in elke suksesverhaal" ("*How to Raise Happy Kids", Reader's Digest*, John Rosemond). Ons is God se kinders. Leer Hy ons ook om te volhard onder stres? Indien ons nie ons probleme vierkantig en manmoedig onder oë kan neem nie, kan hulle ander nuwe, nie-verwante probleme skep. Frustrasie ondermyn ons geloof, want ons konfronteer nie die werklikheid nie. Om van ons probleme af weg te hardloop, laat hulle ook nie weggaan nie! Om dit egter te erken en ons foute te bely (1 Johannes 1:9) is die eerste stap om suksesvol te herstel.

## Snoei is nie verwerping nie

Tydens sy laaste gesprek met Sy dissipels, verduidelik Jesus waarom Christene telkens probleme ondervind: "Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra" (Johannes 15:1-2). God is besig om Sy mense te help groei! Groei beteken soms die wegsny van beskadigde of on-produktiewe takke in ons lewe. Dit is hoekom ons soms pyn en probleme verduur.

Moet egter nie "snoei" met verwerp verwar nie. Enigiemand wat vrugtebome kweek is bewus van die genot om dit te plant en jaar na jaar daarmee te werk. Dit is opwindend om hulle sterk en gesond te sien asook wanneer hulle goeie vrugte lewer. Moenie aanneem dat net omdat God toelaat dat u emosionele, geestelike of fisiese pyn ly, Hy u verlaat het nie! In werklikheid sal God niemand verwerp wat werklik verslaan is en aan Hom onderworpe is nie. Hy laat toe dat ons ly as deel van ons **groeiproses** en Hy belowe ons die hulp wat ons nodig het.

## Hulp is aan die kom

Op die laaste nag wat Hy gelewe het, het Jesus Christus Sy dissipels bemoedig deur aan hulle te sê dat hulle nooit alleen sal wees nie. Selfs nadat Hy hulle sou verlaat, sal Hy Sy Gees stuur om hulle te lei en te help. Hy het gesê: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid" (Johannes 14:16).

Die Heilige Gees, die einste krag van God, sou die middel wees waardeur God en Christus in die dissipels sou leef. Jesus gaan voort en beskryf "die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom *weer* na julle toe" (Johannes 14:16-18).

Die Heilige Gees sou kom, en daardeur sou Christus letterlik Sy lewe in Sy ware volgelinge leef (Galasiërs 2:20). Jesus het belowe dat Sy Heilige Gees gestuur sou word – soos dit inderdaad gebeur het op Pinksterdag – om Sy teen-woordigheid in hulle te wees. Hy

***Vervolg op bladsy 15***

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Christene is veronderstel om Jesus Christus te verkondig asook Sy kruisiging en dat Hy uit die dood opgestaan het. Waarom haal u tydskrif dan so dikwels aan uit die boeke van die Ou Testament?

**ANTWOORD:** Die Ou Testament bestaan uit die geïnspireerde geskrifte van God se dienaars wat geleef het voor Jesus Christus se geboorte, dood en opstanding. Die Nuwe-Testamentiese geskrifte doen nie aan die Ou Testament afbreuk nie, maar bekragtig dit eerder. Die apostel Petrus, byvoorbeeld, beskryf die Ou Testament as goddelik geïnspireerd – nie van eie uitlegging of oorsprong nie (2 Petrus 1:20-21).

Die apostel Paulus herinner die jong evangelis Timótheüs daaraan dat hy "van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die **hele Skrif** is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid" (2 Timótheüs 3:15-16). Daardie "heilige Skrifte" – wat in staat is om Timótheüs wys te maak vir redding – was die Ou-Testamentiese boeke!

Wat het Jesus Christus Self gesê? "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke woord** wat deur die mond van God uitgaan" (Mattheüs 4:4; Lukas 4:4). Jesus het aangehaal uit Deuteronomium 8:3, en het verwys na God se hele Woord van Genesis tot Maleagi – die heiligverklaarde Bybel van Sy dag.

Die Nuwe Testament toon dat Jesus Ou-Testamentiese gebeure as histories akkuraat aanvaar het, insluitend dié oor Adam en Eva (Mattheüs 19:3-4), Abel (Mattheüs 23:35), Noag se vloed (Lukas 17:26-27), Sodom en Gomorra (Lukas 17:28-29) en Jona (Mattheüs 12:40). Moderne kritici van die Bybel bevraagteken en beswadder dikwels gebeure in die Ou Testament, maar Jesus Christus bekragtig dit reguit met Sy eie woorde! Let ook op Jesus se verwysing na "Moses se geskrifte" – dit wat die Jode beskou het as die eerste vyf boeke van die Ou Testament. Jesus vermaan Sy kritici: "Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het oor My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?" (Johannes 5:46-47). Sonder aanvaarding van Moses se geskrifte, kan mens nie ware oortuiging en geloof in Jesus Christus hê nie!

Nie net geskiedenis nie, maar ook vervulde profesie, staan as 'n kragtige getuie vir die egtheid van die Ou Testament. Deur die hele Ou Testament is daar talle verwysings wat Christus se eerste koms voorspel. Dit het alles so gebeur. Vir ons, vandag, is die talle profesieë oor Sy wederkoms – wat sal volg op spesifieke eindtydse gebeure wat in die Skrif voorspel word – gevul met geïnspireerde toepaslikheid. Om die Ou Testament te verontagsaam, sal lei tot verwerping van lewensbelangrike waarhede aangaande Jesus Christus, Sy boodskap en selfs God se Kerk – wat gebou is op die "fondament van die apostels *en profete*, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is" (Efesiërs 2:19-20).

Na Christus se opstanding, het Hy tyd met sy dissipels deurgebring om hulle te help verstaan wat gebeur het. Let op watter deel van die Bybel Hy gebruik het: "En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (Lukas 24:27). Dit sluit ook die Psalms in (vers 44).

Het Jesus Sy dissipels geleer om die seremoniële wette wat deur Sy offerande vervang is, te onderhou? Nee! Soos Hebreërs 10 verduidelik, word die Ou-Testamentiese wette van offerandes nie meer van Christene vereis nie. Soos Jesaja geleer het, moes die Messias kom om die onderwysing (wet) **groot** en heerlik te maak (Jesaja 42:21). Christus sê Hy het gekom om "die wet en die profete" te vervul – nie om hulle af te skaf nie. Hy het Sy volgelinge eenvoudig geleer om die Tien Gebooie te gehoorsaam (Mattheüs 5:17-20; Lukas 18:18-20). Hy het dit moontlik gemaak deur die Heilige Gees aan Christene te gee sodat hulle Christus se geloof kon hê om in hulle te leef (Galasiërs 2:20).

Soos u sien, kan ware Christene nie preek – of selfs nie eens ware Christenskap uitleef nie – sonder om uit die Ou Testament sowel as uit die Nuwe Testament, te onderrig nie. Die Ou Testament is deur Goddelike inspirasie gegee, bevestig deur die Apostels en die Nuwe-Testamentiese geskrifte, en bevestig deur Jesus Christus Self. Om hierdie rede, streef die *Wêreld van Môre*-tydskrif daarna om aan u "die hele raad van God te verkondig" (Handelinge 20:27). WvM

# Profesie neem

## Vergeetagtigheid, ongehoorsaamheid en skielike ondergang!

Min mense verstaan vandag *waarom* Groot-Brittanje die wêreld se eerste supermoondheid geword en 'n ryk verkry het wat oor die hele wêreld gestrek het, of hoekom Amerika verrys het om die wêreldverhoog te oorheers. Nog minder mense begryp wat die toekoms inhou vir hierdie Anglo-Saksiese neefs! Bybelprofesieë bevat egter verrassende inligting oor die ware oorsprong van die Britse en Amerikaanse oorheersing en die ernstige lot van twee volke wat *vergeet het* van hul unieke oorsprong en die *verpligtinge* wat gepaardgaan met seëninge en mag. Baie van hierdie merkwaardige profesieë is al *vervul*, en nog vele meer is *vandag besig om gestalte aan te neem!*

**Unieke oorsprong en beloftes**

Die Bybel bied 'n belangrike oorsig van wêreldgeskiedenis en onthul die sentrale rol wat God gespeel het om die verloop van groot gebeurtenisse te bepaal. Die boek Genesis boekstaaf dat God 'n man, genaamd Abram [Abraham], geroep het en beloftes aan hom en sy nageslag gemaak het wat onderworpe was aan gehoorsaamheid aan God en Sy wette. Aan Abraham is beloof dat, sou hy gehoorsaam wees aan God se opdragte, dan sou sy nageslag vermeerder en belangrik word, hulle sou oor die landsgrense versprei as 'n koloniserende volk, seëninge bring aan die volke van die wêreld en uiteindelik die poorte van hul vyande besit (Genesis 12:1-3, 22:16-18, 28:13-15). Die Jode het nie hierdie profesieë vervul nie, maar verskeie ander nasies het wel! Die Skrif maak dit duidelik dat hierdie beloftes uiteindelik vervul sou word deur ander stamme van Israel – die seuns van Josef: Efraim en Manasse. Die profesieë meld dat die afstammelinge van Manasse 'n groot nasie sou word en die afstammelinge van Efraim 'n groot "groep" of gemenebes van nasies. Die werklike rede waarom klein Engeland 'n wêreldwye ryk en Amerika die magtigste nasie in die wêreld geword het, is te danke aan die feit dat hierdie nasies die afstammelinge is van Abraham – die man wat aan God gehoorsaam was en Sy gebooie onderhou het (Genesis 26:4-5)! Geen ander nasie op aarde kom naby daaraan om hierdie profetiese beloftes te vervul nie. U kan meer leer aangaande hierdie boeiende onderwerp deur ons boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?,* te lees.

**Voorwaardes en gevolge**

Moses skryf in die boek Deuteronomium dat God die Israelitiese nasie Sy "uitverkore volk" noem – nie omdat hulle beter was as die ander nie – maar omdat Hy aan hulle Sy wette gegee het sodat hulle 'n voorbeeld vir ander nasies en 'n lig vir die wêreld kon wees – indien hulle God se wette sou gehoorsaam (Deuteronomium 4:1-10, 7:6-11). God het egter herhaaldelik Sy uitverkore volk gewaarsku: "Neem julle in ag dat julle die verbond van die HERE julle God, wat Hy met julle gesluit het, nie vergeet ... Neem jou in ag dat jy die HERE jou God *nie vergeet* deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie" (Deuteronomium 4:23, 8:11). Die antieke Israeliete (wat bestaan het uit twaalf stamme wat die nakomelinge is van die twaalf seuns van Jakob – die agterkleinseuns van Abraham) was ook daaraan herinner dat, indien hulle *gehoorsaam* sou wees aan God se wette, hulle geseën sou word, maar as hulle *ongehoorsaam* sou wees aan God se wette en van Hom sou wegdraai, hulle ernstige gevolge sou maai (Levitikus 26 en Deuteronomium 28). Ongelukkig het die antieke nasies van Israel en Juda nie ag geslaan op hierdie waarskuwings van God nie en het gevolglik militêre invalle en nederlae verduur, hulle is in nasionale ballingskap weggevoer deur die Assiriërs (vir Israel) en die Babiloniërs (vir Juda) as gevolg van hul vergeetagtigheid en ongehoorsaamheid. Hierdie tragiese voorbeelde is aangeteken as lesse vir ons vandag (1 Korinthiërs 10:11)!

Moses het egter ook profesieë wat tot in die verre toekoms strek, aangeteken vir die volke wat van Israel afstam. Voordat hy gesterf het, het Moses gewaarsku: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis *verderflik* sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die *einde van die dae* sal

# gestalte aan

teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronomium 31:29). Moses waarsku ook dat die Israelitiese volke sal "*gou omkom"* as gevolg van die boosheid van hul weë (Deuteronomium 28:20). Hierdie selfde tema van 'n *skielike katastrofiese ondergang, gekoppel aan* vergeetagtigheid en ongehoorsaamheid, word herhaal deur verskeie ander profete. Jesaja waarsku: "Wee die opstandige kinders ... wat die wet van die HERE nie wil hoor nie ... waarvan die instorting *heeltemal onverwags* kom" (Jesaja 30:1,9,13). Jeremia waarsku: "Jy het My verwerp ... Ek laat *skielik* op haar val angs en verskrikkinge" (Jeremia 15:6-8, sien ook 6:26, asook 18:22). Die profeet Hosea waarsku: "Omdat Israel sy Maker *vergeet* ... daarom sal Ek 'n vuur in sy stede slinger wat sy paleise sal verteer ... weens julle ontsettende boosheid; *in die môre vroeg* is dit gedaan, gedaan met die koning van Israel" (Hosea 8:14, 10:15).

*Waarom* sou God sulke verskriklike profesieë uiter teen Amerika en die nasies van Britse afkoms wie aanspraak maak om in "Christelike" nasies te woon? Nuusberigte vertel egter 'n ontnugterende storie! Die afgelope jare is "Christelike" godsdiensonderrig en gebede in die naam van Jesus Christus verban uit openbare skole, hoewel studente in baie gevalle kan leer van heidense godsdienste en selfs gebede opsê aan ander gode. Howe in belydende Christelike nasies het beveel dat uitstallings van die Tien Gebooie in openbare geboue verwyder moet word – dikwels as gevolg van regsgedinge wat aanhangig gemaak is deur 'n enkele ateïs! Sogenaamde Christelike nasies van die Weste is die wêreld voor in saamwonery en egskeidings, alhoewel die Bybel sê God *haat* egskeiding en verdoem hoerery (Maleagi 2:16; 1 Korinthiërs 6:18). Ons sien vandag een van die merkwaardigste omkerings van sedelike waardes in die aangetekende geskiedenis namate kerke, teoloë, opvoeders en staatsamptenare in die Westerse wêreld begin om homoseksualiteit en dieselfde-geslag huwelike aan te moedig *as normaal – selfs in die bediening en in die priesterskap* – selfs al veroordeel die Bybel sulke gedrag as gruwels en afvalligheid (Levitikus 18:22; Romeine 1:23-28).

**Ineenstorting onderweg?**

Hierdie sedelike ineenstorting en wydverspreide verwerping van Bybelse godsdienstige waardes vind in dieselfde tyd plaas as wat die Amerikaanse en Britse afstammelinge wegsink in 'n see van skuld namate hulle geld leen van buitelandse leners en nasionale bates verkoop – asook die feit vergeet dat God dit voorsien het en lank gelede gewaarsku het dat die lener die slaaf sal word van die uitlener (Deuteronomium 28:43-45; Spreuke 22:7). Dit is geen toeval dat groot uitleners wat baie belê het in Amerikaanse staatseffekte, nou hulle geld na ander plekke verskuif, namate hulle die val van die Amerikaanse dollar voorsien! As gevolg van begrotingstekorte, maak Brittanje groot besnoeiings in haar gewapende magte wat ernstige beperkings plaas op haar kapasiteit om haar mag te laat geld – in 'n tyd wanneer die wêreld al hoe meer chaoties raak en ander nasies hulle militêre vermoëns opbou. Dit voorspel niks goeds vir die toekoms van Amerika en die volke wat van die Britte afstam nie!

In die lig van hierdie ontnugterende finansiële en sosiale werklikhede, is dit geen verrassing dat Brits-gebore Harvard professor Niall Ferguson wêreldleiers waarsku "oor die toenemende vooruitsig van die *skielike ineenstorting* van die Amerikaanse 'ryk' as gevolg van die land se stygende skuldvlak ... [omdat] ekonomiese skuld kan lei tot 'n *skielike verlies* van militêre mag en wêreldwye respek" (*Aspen Daily News*, 6 Julie 2010). Volgens Bybelse profesieë wat *vandag besig is om gestalte aan te neem*, sal vergeetagtigheid en ongehoorsaamheid aan die wette van God – die Achilleshiel van die Amerikaanse en Brits-afstammende volke – hulle *skielike ondergang* veroorsaak – tensy hulle hul bekeer en terugkeer na die God wat aan hulle hul seëninge en mag gegee het!

***—Douglas S. Winnail***

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Hervestig Oorspronklike Christelikheid*

sekere mense ongesiens ingesluip en feitlik *weggedoen* met daardie oorspronklike geloof.

Wanneer die *werklike* Jesus Christus van die Bybel weer kom as Koning van die konings en rondkyk na diegene wat gewillig was om Hom opreg te dien en *die oorspronklike Christelikheid uit te leef*, mag God gee dat u en ek onder daardie mense sal wees. Dit is **lewensbelangrik**. **Nou** is die tyd om iets daaraan **te doen**! WvM

# Kom besoek ons gerus by ons Afrikaanse Webblad: http://www.wvm.co.za

*Vervolg vanaf bladsy 15 – Herstel vinnig!*

vestiging van 'n letterlike Koninkryk hier op aarde voorspel! Hy gaan voort om te sê: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei" (Johannes 14:1-2).

Sommige mense glo verkeerdelik dat Christus se verwysing na "wonings" iets te doen het met hemel toe gaan. Trouens, Jesus het beskryf dat elkeen 'n spesifieke plek in die "huishouding" van God sal hê. Hierdie plekke is nie huise nie, maar eerder posisies van gesag en verantwoordelikheid binne die ware Koninkryk van God, na die wederkoms van Jesus Christus.

Dit is wat in Jesus se gedagtes was tydens Sy laaste nag voor Sy kruisiging. Dink daaroor na! In bykans dieselfde asem as wat Hy aan Petrus gesê het hy sou Hom verloën, het hy omgedraai om aan die dissipels hul inspirerende lotsbestemming mee te deel! Hy het van die toekoms gepraat. Hy het nie net gefokus op die lyding wat Hy sou verduur, of op die ontmoediging wat hulle sou voel wanneer Hy hulle verlaat nie. Nee, Hy het gefokus op die visie van wat sou kom. Hy het hul oë gevestig op Sy Koninkryk – en die rol wat Hy wou hê hulle moet speel wanneer dit gevestig word op die planeet Aarde!

Wanneer ons die bal laat val, foute maak of ly as gevolg van probleme, wil God hê ons moet ons koppe laat hang en soos mislukkings voel? Wil Hy hê ons moet in selfbejammering wegsluip? Nee! Hy wil hê ons moet fokus op die toekoms. Sy begeerte is dat ons die groot potensiaal wat Hy gee aan diegene wat bereid is om hulle te onderwerp aan Sy wil en Gees, moet besef.

Jesus het aan Sy dissipels gesê: "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies" (Johannes 15:16). Hy het daardie roeping uitgebrei na diegene wat nog ongebore is, wat die Vader sal roep deur hulle getuienis (Johannes 17:20). 'n Roeping van God in Sy Waarheid en Sy Kerk in is waarlik 'n ontsagwekkende geleentheid.

God het groot planne vir ons indien ons bereid is om ons te onderwerp aan Sy heerskappy in ons lewens – indien ons tot die besef kom van die rede vir probleme en groei deur God se eie korreksie en snoei, terwyl ons Hom vra om ons te bemagtig deur Sy Heilige Gees. WvM

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

***Vervolg vanaf bladsy 19 – Gehoorsaamheid versus Genade***

"Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?" (1 Petrus 4:17-18).

U Bybel openbaar God se ontsagwekkende plan van verlossing. Verlossing is 'n gratis geskenk, wat ons nooit kan verdien nie. Die meeste studente van die Bybel is vertroud met een van die fundamentele Skrifgedeeltes oor die onderwerp: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie" (Efesiërs 2:8-9). Let daarop dat God se genade 'n geskenk is, maar geloof tot redding is **ook** 'n geskenk van God! Vers 10 word dikwels oor die hoof gesien deur diegene wat genade verander in 'n lisensie om te sondig: "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Efesiërs 2:10). Ons reaksie op God se genade bring goeie werke mee, en ons wandel daarin; dit beteken, ons bring voortdurend goeie werke voort. Ons moet die vrug van ware Christelikheid in ons lewens dra.

Jesus Christus is ons lewende Verlosser. Ons sal gered word deur Sy lewe (Romeine 5:10)! Ek hoop dat u God se genade sal ontvang, gehoorsaam sal wees aan Sy wil en sal deelneem aan Sy wonderlike plan van verlossing! WvM

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

Dit is *so moeilik* vir mense om dit reg te verstaan. God wil hê dat Sy kinders aan Hom **gehoorsaam** moet wees – nie om net "sentimenteel" oor Jesus te voel nie. Dus word aan ons gesê: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat ***die* gebooie van God** en die **geloof** in Jesus **bewaar**" (Openbaring 14:12). Indien ons egter die geloof "van" Jesus het, sal ons **weet** dat God daar is en ons sal gewillig wees om te **gehoorsaam** wat Hy ons beveel.

Alhoewel God **soms** selfs die gebed van 'n *sondaar* beantwoord, reageer Hy gewoonlik op diegene wat werklik aan Hom gehoorsaam is en wat probeer om volgens Sy geïnspireerde woord te leef. Soos die profeet Jesaja geïnspireer was om aan ons te sê: "KYK, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie, maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en *julle* **sondes** *het sy aangesig vir julle* **verberg**, *sodat Hy* **nie hoor nie"** (Jesaja 59:1-2).

Soos ek verduidelik in my artikel elders in hierdie uitgawe ("Hervestig oorspronklike Christelikheid"), moet *ware* Christene die voorbeeld en leerstellings van Christus en die *oorspronklike* Kerk van God en die geïnspireerde aartsvaders en profete van die Ou Testament volg. Jesus het duidelik gesê: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Mattheüs 19:17). Onderhou **u** die Tien Gebooie? Of maak u verskonings? Nuwe-Testamentiese skrifture wys duidelik aan ons dat ons **antwoorde ontvang** op ons gebede wanneer ons God se gebooie **gehoorsaam**!

Wees asseblief eerlik met uself. Dit is maklik om te rasionaliseer of om "rondom" hierdie baie duidelik skriftuurlike leerstellings oor gehoorsaamheid aan God se wet "te redeneer". Indien u werklik antwoorde op u gebede verlang, moet u uself **bekeer** van die verbreking van die Tien Gebooie. Die verbreking daarvan word gedefinieer as sonde (1 Johannes 3:4). U moet ook Jesus Christus aanvaar as u persoonlike Verlosser (Handelinge 2:38). Dan – deur die hulp van die beloofde Heilige Gees – sal u in staat wees om u elke dag meer en meer **te onderwerp** aan Jesus Christus sodat Hy Sy gehoorsame lewe in u kan **leef**! Hou in gedagte wat die apostel Paulus verklaar het: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek

deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20).

Dus, om voortdurend antwoorde op u gebede te verkry, moet u tot die **ware** God bid – die God van die Bybel – met 'n berouvolle gesindheid. Dit is nodig om *u hart* in u *gebede uit te stort* en **tot Hom uit te roep** – verkieslik *alleen* en in 'n privaat plek, soos Jesus ons beveel het. U moet ook gewillig wees om u Skepper te **gehoorsaam** sodat u in die regte verhouding met Hom staan, Hy sal dan graag die gebede van Sy gehoorsame seun of dogter beantwoord.

"Deurry"-gebede en gewilde musikale vermaak – om net "te maak asof" u God aanbid – is **nie genoeg nie**. Aangesien ons Skepper wil hê dat ons Hom "in Waarheid" moet aanbid – wat beteken dat dit nodig is om ons lewens te lei *en ons gebede* te rig volgens Sy geïnspireerde Woord. Ons moet leer om voortdurend tot God te bid – met Hom geestelike gemeenskap te hê en met Hom te wandel.

Dan, namate ons die einde van hierdie tydvak nader en die geweldige beproewings en toetse van die Christelike lewe oor ons kom – soos dit verseker sal kom – sal u presies weet wat om te doen en hoé om dit te doen. Trouens, u sal in staat wees om in Christus se eie voetspore te volg. Sedert Hy tot God uitgeroep het vir krag en moed, was Hy nie bevrees toe Sy tyd gekom het om te sterf nie. Trouens, toe Judas en 'n hele afdeling gekom het om Hom gevange te neem, het Jesus kalm "uit die tuin gegaan" en hulle gevra: "Wie soek julle?" (Johannes 18:4). Dus het Jesus gedoen wat Hy altyd gedoen het. Vroeër, in die Tuin van Getsémané, het Hy op Sy aangesig geval en vurig gebid en uitgeroep: "My Vader ..." (Mattheüs 26:39).

Indien u die werklike besonderhede wil leer ken oor **hoe** om al hierdie dinge te doen, bel of skryf dan aan die Streekskantoor naaste aan u (gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif) en vra vir die uiters nuttige en insiggewende boekie getiteld, *Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed*. Dit sal absoluut **gratis** op u versoek, aan u gestuur word. U kan dit ook aanlyn lees of 'n **gratis** gedrukte kopie bestel op ons webwerf: www.wvm.co.za. Moenie tevrede wees met die wêreld se oppervlakkige en vals benaderings tot gebed nie!




## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**